DIE OORPRODUKSIE VAN WYN

IN

SUID-AFRIKA.

———oOo———

P.J.Malherbe.

Oktober 1932.

Pectora roborant cultus recti

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DIE OORPRODUKSIE VAN WYN
IN
SUID-AFRIKA.

INDELING.

VOORWOORD.		bls.	1.
HOOFSTUK I.	(a) Die Ontwikkeling van die Wynbedryf gedurende ± 1860 tot 1917	"	2-12.
	(b) Die Ontwikkeling van die Wynbedryf sedert 1917.	"	12-20.
HOOFSTUK II.	Die Theoretiese Vraagstuk van oorproduksie.	"	21-30.
HOOFSTUK III.	(a) Die Oorproduksie van Wyn in die vernaamste wynproduserende Lande.	"	31-36.
	(b) Die Oorproduksie van Wyn in Suid-Afrika.	"	37-44.
HOOFSTUK IV.	Die Oprigting en Ontwikkeling van die Koöperatiewe Wynbouers Vereniging.	"	45-48.
HOOFSTUK V.	Handel en Prysverloop van Wyn in Suid-Afrika.	"	50-57.
HOOFSTUK VI.	Pogings en Voorstelle tot stabilisering van die Suid-Afrikaanse Wynbedryf.	"	58-64.
HOOFSTUK VII.	Slot.	"	65-71.

-----oOo-----

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DIE OORPRODUKSIE VAN WYN
IN
SUID-AFRIKA.

----oOo----

VOORWOORD.

Die doel van hierdie verhandeling is in die eerste plek om daarop te wys dat in Suid-Afrika meer wyn geproduseer word as wat tans van die hand gesit kan word teen 'n prys wat die produsente genoegsaam sal vergoed. Uit die oorproduksie en die heersende lae pryse volg dit dat die posiesie van die wynboere erg kritiek en haglik is. Die industrie gaan nou juis weer deur diepe waters en iets moet gedoen word om die bedryf van ondergang te red en vir die toekoms op 'n vaste basis te plaas.

Die bedoeling is nie in die eerste plek om in hierdie verhandeling 'n definitiewe oplossing aan die hand te gee nie, maar in hoofsaak om die probleem van oorproduksie van wyn in Suid-Afrika duidelik op die voorgrond te stel en die oorsake van oorproduksie na te gaan. Derhalwe is histories-induktief te werk gegaan hoewel in hoofstuk II die theoretiese vraagstuk van oorproduksie kortliks behandel is om in die lig daarvan die vraagstuk duideliker te verstaan. Waar wel aan die einde enige aanbevelings gemaak is dien dit meer as afronding dan as 'n prominente deel van die verhandeling.

Om hierdie rede is 'n metode gevolg waardeur in die eerste instansie die algemene ontwikkeling van die bedryf geskets word. Daarna volg 'n bespreking van die abstrakte vraagstuk van oorproduksie. Onmiddellik volg 'n hoofstuk oor die oorproduksie van wyn in Suid-Afrika waarby op die aard van die oorproduksie gewys word. Die oprigting en ontwikkeling van die Koöperatiewe Wynbouers Vereniging word so belangrik geag dat 'n spesiale afdeling daaraan gewy word. In hoofstuk V word die prysverloop van wyn behandel. Eindelik word gewys op die pogings wat in die verlede aangewend is om die bedryf te stabiliseer maar wat nie juis suksesvol was nie.

----oOo----

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK I. (a).

DIE ONTWIKKELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WYNBEDRYF TOT 1917.

In 1653 reeds is die wynstok in Suid-Afrika ingevoer en wynbou het by die Kaap een van die vernaamste takke van die landbou geword.

In die geskiedenis van die bedryf het moeilike tye afgewissel met tye van voorspoed. Nieteenstaande die moeilikhede het die wynbou betreklik snel uitgebrei. Die kwaliteit was oor die geheel van 'n lae gehalte en het veel te wense oorgelaat. Die eerste Goewerneurs het wel baie probeer doen om die kwaliteit te verbeter, maar daar die produsente nie die nodige gereedskap en opleiding gehad het nie, kon hulle nie kwaliteitswyne produseer nie. Oor die algemeen het die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie nie veel gedoen om, die kwaliteit te verbeter nie. Advokaat Cloete skryf die swak kwaliteit van wyn en brandewyn aan die politiek van die Kompanjie toe. Hy het onder andere gesê: "The Company monopolised the right of export; it claimed the right of calling upon farmers to deliver to the Company as much wine and brandy, in lieu of taxes and other requirements of the Company, as it desired and at a price fixed by the Company without the slightest reference to quality. This made the farmers lose interest and become indifferent. The result was that the article produced, instead of improving, deteriorated more and more."[1)]

Onder die Britse bewind is die wynbou in Suid-Afrika baie aangemoedig. So is in 1813 bonusse gegee aan die boere wat die meeste stokke aanplant en die beste wyn produseer. Die invoerreg in Groot Brittanje op Suid-Afrikaanse wyne was verder een-derde van wat dit op wyne van die Europese Kontinent was.

Die gevolg was, volgens die "Report of the Select Committee on the Wine Trade 1865", 'n snelle uitbreiding van die industrie en gepaard daarmee 'n geweldige toename van produksie en uitvoer, soos uit die onderstaande tabel blyk.[2)]

Tabel I. Produksie en Uitvoer van Wyn.

Jaar	Aantal Stokke	Produksie	Uitvoer
1795	7,000,000	912,000 gellings	80,264 gellings.
1824	30,000,000	3,000,000 "	2,926,000 "

1) Report of Public Meeting on the Wine Trade, Cape Town, July 1831.
2) Sien ook De Kock: Economic History of South-Africa.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar was egter vir Kaapse wyn, onder sy eie naam, nie 'n belangrike mark nie. Die uitgevoerde wyn is veral gekoop deur Engelse handelaars wat dit gebruik het vir vermenging omdat die invoerreg op Europese wyne so hoog was. In Suid-Afrika het dit gelei tot blote kwantiteitsproduksie, temeer daar die verskil in pryse vir goeie en minder goeie wyn baie gering was. Volgens genoemde rapport het die boere slegs 2/6 tot 5/ meer vir die beste kwaliteit ontvang. Dit het hulle beter betaal om met die minste moeite en koste soveel moontlik te produseer. Tenspyte van die swak kwaliteit was wyn tot 1842 nog die vernaamste uitvoerproduk soos uit die onderstaande gegewens blyk.[1)]

Tabel II. Uitvoer van Wyn. 1822-1842.

Jaar	Waarde	Persentasie van totale Suid-Afrikaanse Uitvoer.
1822	£106,858	47.62
1823	£135,955	61.00
1824	£150,190	68.17
1825	£115,642	46.00
1826	£ 98,422	52.17
1827	£123,180	56.30
1828	£129,265	49.83
1829	£149,073	50.16
1830	£105,335	43.73
1831	£ 57,159	26.82
1832	----	---
1833	£ 90,510	31.37
1834	£ 93,728	25.35
1835	£ 95,832	26.55
1836	£ 83,147	21.69
1837	£ 99,633	27.55
1838	£102,433	28.54
1839	£ 96,970	12.74
1840	£ 78,369	7.16
1841	£ 67,686	11.34
1842	£ 43,140	12.73

Bock sê: "The decline in the value of the exports of wine was due partly to the loss of the European markets owing to a change in the taste and the poor quality of the wine, partly also to the liberation of the slaves, and later also to the loss of the preferential duties on Cape wine in Great Britain."[2)]

1) Bock: The Foreign Trade of South Africa since 1807.
2) Bock: " " " " " " " ".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die voorkeur in Groot Brittanje op Kaapse wyn is vanaf 1825 kort-kort verminder totdat dit in 1860 deur Gladstone heletemal herroep is. Dit was 'n groot terugslag vir die Kaapse wynbou, want die uitvoer het aansienlik gedaal en die bedryf was afhanklik van 'n buitelandse mark - volgens tabel I is 97.5 persent van die produksie in 1824 uitgevoer.

Tabel III Uitvoer van Suid-Afrikaanse Wyn.[1)]

Jaar	Waarde.
1843-1856 (gemid.)	£ 46,322
1857	£154,874
1858	£119,397
1859	£152,848
1860	£ 73,423
1861	£ 33,746
1862	£ 24,191
1863	£ 38,526
1864	£ 16,046
1865	£ 20,273
1866-1909 (gemid.)	£ 11,230

'n Binnelandse mark vir wyn bestaan daar feitelik vandag nog nie. Die redes hiervoor is dat wyn nie 'n nasionale drank van die Suid-Afrikaanse volk is nie. Die Binnelandse boere het self hulle brandewyn van perskes ens. gestook. Wyn-transport was ook te duur en dus is veral brandewyn na die binneland geneem. 'n Ander verdere rede is dat die togryers slegte kwaliteit dranke teen hoë pryse verkoop het.

Suid-Afrika kon nie op die ope mark mededing nie omrede dat die Europese lande en veral Frankryk wyne van beter kwaliteit teen laer pryse gelewer het. Dit was slegs die Constantia wyn wat vroeër dae 'n naam verwerf het.

Die toestand is verder vererg deurdat die Verenigde Koninkryk in 1860 'n invoerreg op alle wyne gehef het. Die invoerreg was volgens alkohol sterkte n.l. 1/- per imperiale gelling op wyne van 26 grade sterkte en 2/6 op wyne van 27-42 grade sterkte. Nie alleen was die vrag vir Kaapse wyn hoog nie, maar omdat dit deur die tropiese dele moes gaan moes dit minstens 30 grade alkohol bevat. Europese wyn is dus ingevoer vir 1/- terwyl die Suid-Afrikaanse wyn onder die 2/6 groep val. Die gevolge van die afskaffing van die voorkeurtariewe blyk uit die uitvoersyfers van wyn na die Verenigde Koninkryk.[2)]

1) Book: The Foreign of South Africa since 1807.
2) Report of the Select Committee on the Wine trade - G. 23, 1865.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel IV. Uitvoer van Wyn na die Verenigde Koninkryk.

Jaar	Gellings	Waarde
1859	1,002,449	£153,379
1860	405,239	£ 60,399
1861	136,111	£ 17,470
1862	55,603	£ 8,843
1863	114,521	£ 18,574
1864	30,679	£ 5,213
1865	30,000	£ 5,200

'n Deputasie is in die jaar 1860 na Mnr. Gladstone gestuur met die doel om 'n invoerreg van 1/- per gelling vir wyn tot 34 grade alkohol sterkte te vra. Die deputasie het egter nie daarin geslaag om Mnr. Gladstone te beweeg om die invoerreg te verander nie. Die posiesie van die bedryf was nou haglik daar die uitvoerhandel, wat verantwoordelik was vir die snelle uitbreiding, verdwyn het. De Kock sê:[1] "The wine trade itself was depressed, as Gladstone's alcoholic scale of duty almost excluded the Cape wines from the English market."

Vir sy bestaan was die bedryf nou aangewys op die klein plaaslike verbruik en 'n onbelangrike uitvoer na ander lande soos die onderstaande uitvoersyfers aantoon.[2]

Tabel V. Uitvoer van Wyn na ander Lande.

Jaar	Gellings	Waarde
1860	149,220	£21,179
1861	183,272	£23,807
1862	171,231	£23,625
1863	21,063	£29,821
1864	147,415	£21,327

Hierdie jare was mynsinsiens die moeilikste tydperk in die Suid-Afrikaanse wynbedryf. Was dit nie vir die vroeër voorkeurtariewe nie, dan sou die bedryf nie so snel ontwikkel het nie. Die produksie sou na die plaaslike aanvraag moes gerig gewees het en dan sou die plaaslike mark in alle waarskynlikheid baie meer ontwikkel gewees het as wat vandag die geval is. Aan die anderkant weer as die voorkeurtariewe nie verminder en weggeneem was nie, dan sou Suid-Afrika sekerlik die Britse mark behou het en met die verbetering van die kwaliteit daardeur die fondament vir die Suid-Afrikaanse bedryf gelê het.

Interessant is dit om daarop te let dat, gedurende die jare wat die uitvoer uit Suid-Afrika so afgeneem het, die invoer groot was.[3]

1) De Kock: Economic History of South-Africa.
2) Report of the Select Committee on the Wine Trade - G.23, 1865.
3) " " " " " " " " " " "

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel VI. Invoer uit Groot Brittanje.

		1860	1861	1862	1863	1864
Wyn	gellings	34,445	39,641	36,161	27,970	26,180
	waarde	£18,164	£21,208	£19,974	£14,917	£14,896
	invoerbelasting	£3,070	£ 5,113	£ 3,759	£ 3,622	£ 5,233
Brandewyn	gellings	67,594	73,857	99,745	84,945	89,369
	waarde	£21,894	£24,862	£30,965	£24,267	£25,487
	invoerbelasting	£10,501	£13,594	£15,066	£17,295	£20,630

Invoer uit Ander Lande.

Wyn	gellings	36,900	44,859	38,588	29,178	27,207
	waarde	£19,152	£23,747	£20,811	£15,445	£15,422
	invoerbelasting	£16,296	£ 5,278	£ 4,062	£ 3,782	£ 5,159
Brandewyn	gellings	119,800	114,945	151,885	133,052	122,404
	waarde	£33,363	£33,727	£40,504	£31,576	£30,263
	invoerbelasting	£16,455	£21,746	£21,030	£24,467	£25,161

Dit kan aangevoer word dat die belange van die konsumente in aanmerking geneem moet word, ook dat die enigste manier om die kwaliteit te verbeter die konkurensie met die buitelandse wyn is. Dit is heletemal reg, maar dit toegegee, dink ek dat dit tog nie die bedoeling van die Kaapse Regering was nie. Mynsinsiens is die invoer toegelaat vir inkoms doeleindes van die staat. Dit sou stellig 'n baie beter politiek gewees het om die invoer te belet het, aangesien die belange van die hele bedryf op die spel was.

As dus in aanmerking geneem word dat die produksie toegeneem het van 3 miljoen gellings in 1824 tot vyf miljoen gellings in 1864, dan kry die leser 'n beseef van die toestand van die bedryf in 1864.

Met die ontdekking van die diamantvelde in 1870 het daar beter tye vir die industrie aangebreek. 'n Ruimer binnelandse mark het spoedig tot stand gekom. As gevolg van die groter aanvraag het die wingerde uitgebrei. So geweldig was die uitbreiding dat die aanvraag na wyn nie tred kon hou met die produksie nie en in 1884 kry ons 'n oorproduksie. Baron Carl van Babo sê:[1] "In the sun of South Africa the grapes ripen to perfection and the South African grapes are an excellent material of which to make wine which will find ready customers. But in consequence of great negligence and bad or insufficient manipulation a wine is produced which does not deserve the name of wine." Sir J. Tennant sê:[2] "The history of the trade in Cape wines is an illustration of the fact, that in the absence of those qualities which consort with the trade of this country, mere cheapness cannot force a wine into favour, or maintain it in uniform demand."

Omstreeks 1885 het die Kaapse Regering die plaas Groot

1) Report on Viticulture: G. 41 - 1885.
2) Sir J. Tennant: Wine, its use and Taxation.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Constantia gekoop om proewe te maak in verband met die kweek van die wynstok en die maak van wyne. Die doel was om die boere te leer om beter wyne te maak. Die resultaat was die verbetering van die ligte en soet wyne sodat 'n beter artiekel op die mark geplaas kan word.

Die kwaliteit, hoewel baie verbeter, was egter nog die struikelblok. So was uit 'n totale Britse invoer van 15,138,645 gellings in 1884 slegs 64,584 gellings wyn uit Suid-Afrika afkomstig.

In 1886 het die phylloxera-plaag die wingerde begin teister. Die produksie het nie as gevolg hiervan afgeneem nie, maar dit het die produsente heelwat gekos om die wingerde te vernuwe.

In 1886 is die Witwatersrandse goudmyne geopen en vanaf 1890 het 'n periode van opbloei vir die bedryf ingetree. Wingerde is uitgebrei en terselfderyd verbeter. Volgens die Cape Statistical Register was daar in 1896 sowat 87 miljoen wingerdstokke. Die opbrengs tussen die jare 1888 en 1898 was ook gemiddeld ~~14~~ 41,500 lêers soos uit die volgende tabel blyk.[1)]

Tabel VII. Produksie van Wyn 1888-1898.

Jaar	Lêers
1888	44,181
1889	44,460
1890	36,850
1891	46,973
1893	48,010
1894	35,624
1895	42,438
1896	44,431
1897	34,435
1898	37,977

Die abnormale aanvraag na wyn en brandewyn gedurende die Boere Oorlog het 'n verdere uitbreiding aangemoedig. Die produksie het toegeneem van 37,691 lêers in 1899 tot 44,655 lêers in 1904. Die invoer het toegeneem en die aanbod was andermaal groter as die aanvraag teen 'n bepaalde prys. Die konsumpsie het ook afgeneem as gevolg van die geldskaarste weens die depressie. Die Engelse troepe is ook weg en die aanvraag na wyn het nog verder afgeneem. Dit moet ook onthou word dat die jong aangeplante wingerde groter oeste gelewer het. Kans om die produksie in te krimp of in te kort was daar nie want wingerd in teenstelling met b.v. koring is 'n meerjarige gewas. Die wingerde was ook nie aangeplant vir die bemarking van vars druiwe nie, aanplanting was hoofsakelik gerig op die produksie van wyn. Die ingevoerde dranke het boonop nog die

1) Cape Statistical Register. 1888 onwards.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

konsumpsie van die Suid-Afrikaanse produk baie teen gegaan. Die onderstaande tabel toon aan die hoeveelheid wyn en spiritus wat ingevoer is in Suid-Afrika.[1)]

Tabel VIII. Wyn en Spieritus ingevoer in S.A.

Jaar	Waarde
1904	£286,183
1905	£251,046
1906	£184,540
1907	£153,000
1908	£113,555
1909	£114,780

Volgens die Government Commission Report[2)] is die volgende dranke in 1906 in die Kaap Kolonie ingevoer:

Tabel IX. Invoer in die Kaap Kolonie 1906.

	Gellings	Waarde
Wyn	35,445	£24,772
Brandewyn	18,778	£21,000
Whisky	184,378	£60,805

Die totale invoer van die Kaap Kolonie, Natal, Transvaal, Oranje Vrystaat en Suid Rhodesië van uit die buiteland was gedurende dieselfde jaar 900,582 gellings ter waarde van £483,143. Die verbruik van drank in Transvaal bevestig bogenoemde stelling al te duidelik.

Tabel X. Drankverbruik in Transvaal.[3)]

Whisky	(1907)	273,000	gellings	(1908)	274,000	gel.
Suid-Afrikaanse wyn	"	168,000	"	"	220,000	"
Suid-Afrikaanse Brandewyn	"	156,000	"	"	155,000	"

As gevolg van die lang depressie-tydperk wat in 1903 in Suid-Afrika ingetree het, die ander reeds genoemde oorsake, die swak kwaliteit van die Suid-Afrikaanse wyn en die sterk kompetiesie op die Engelse mark, was daar andermaal oorproduksie van wyn in Suid-Afrika. Dit is besef dat die enigste uitweg vir die toekoms was om kwaliteit wyn te produseer. 'n Poging is weer deur die Kaapse Regering aangewend om die ekonomiese posiesie van die produsente te verbeter. Die produsente is deur die Goewerment gehelp met lenings om Koöperatiewe wynmakerye op te rig. Die lenings mag volgens die Government Commission Report van 1911 slegs gebruik word vir die nodige geboue en die aankoop van die gereedskap.

1) Bock: The Foreign Trade of South-Africa since 1807.
2) Government Commission Report on the Economic Conditions of the Wine Districts - G. 47, 1909.
3) Government Commission Report on the Economic Conditions of the Wine Districts - G. 47, 1909.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die volgende nege Koöperatiewe wynmakerye is in 1905 opgerig:[1)]

Die Helderberg Koöperatiewe Wynmakery, Bpkt.
The Stellenbosch Farmers Wine Coy. Ltd.
The Bovenvallei Co-operative Winery Ltd.
The Drostdy Co-operative Winery Ltd.
The Wellington Co-operative Winery Ltd.
The Paarl Co-operative Winery Ltd.
The Drakenstein Co-operative Winery Ltd.
The Montagu Co-operative Winery Ltd.
The Over-Hex Co-operative Winery Ltd.

Vandag bestaan daar nog slegs drie van die koöperatiewe wynmakerye n.l. die van Helderberg, Drakenstein en Wellington. Die ander is deur wynhandelaars en deur die Koöperatiewe Wynbouers Vereniging oorgeneem.

Die wynmakerye het aanvanklik nie aan die verwagtinge voldoen nie en twee moes al spoedig sluit. Een van die vernaamste redes is dat te veel geld in die geboue gesteek is. Dit is ook nog 'n ope vraag of die bestuurders die beste en geskikste persone vir die werk was. Ander redes waarom die wynmakerye nie meer sukses gehad het nie, is omdat die regte Koöperatiewe gees by die produsente ontbreek het en gevolglik het hulle nie almal aangesluit nie. Al die wynmakerye het feitelik net groothandel gedrywe en dus was die rol wat hulle gespeel het baie ondergeskik. Die eintlike doel was die kwaliteitsverbetering en nie soseer die afset nie. Goeie werk is ongetwyfeld gedoen. Dit spreek vanself dat die kwaliteit oor die algemeen verbeter is daar die indiwiduele produsente nie oor die moderne gereedskap beskik het nie en bowedien was hulle ook nie almal ekspert wynmakers nie.

Die wynmakerye het egter nie die moeilikhede van die bedryf opgelos nie. In werklikheid het die produksie afgeneem soos uit die onderstaande gegewens blyk.[2)]

Tabel XI. Produksie van Wyn.

Jaar	Lêers
1907	46,566
1908	42,433
1909	27,302

Nieteenstaande die kleiner produksie het pryse gedaal tot £3 per lêer in 1909 en die posiesie van die wynbedryf was andermaal weer baie haglik. Na die totstandkoming van die Unie in 1910 het die posiesie weer verbeter. Die bedryf is verder uitgebrei. So het die aantal stokke gestyg van 69 miljoen in 1911 tot 88 mil-

1) Report of Government Commission to inquire into matters of Co-operative Wineries. G. 20, 1911.
2) Cape Statistical Register 1888 onwards.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

joen in 1918. Die uitvoer het toegeneem, as gevolg van die verbeterde kwaliteit deur die pogings aangewend deur die Koöperatiewe wynmakerye, van 76,982 gellings in 1910 tot 357,002 gellings in 1917. Dit kan egter nie sonder meer aangeneem word nie, want dit moet onthou word dat die uitvoer vanaf 1915-1917 abnormaal was as gevolg van die Oorlog. Die onderstaande tabel toon die uitvoer van wyn uit Suid-Afrika aan.

Tabel XII.[1] Uitvoer van Wyn 1910-1917.

Jaar	Gellings	Waarde	Waarde per gelling
1910	76,982	£18,241	4/9
1911	96,118	£21,944	4/7
1912	85,717	£19,791	4/7
1913	80,133	£19,262	4/10
1914	69,852	£15,975	4/7
1915	99,842	£26,506	5/4
1916	190,888	£40,133	4/2
1917	357,002	£57,777	3/3

Ten slotte word korteliks op die produksie van brandewyn gewys omdat dit saam gaan met die produksie van wyn in Suid-Afrika.

Die afwesigheid van 'n plaaslike konsumpsie van wyn asook die afwesigheid van goeie verkeersweë het die produksie van brandewyn sterk aangemoedig. Volgens die Report of the Select Committee on the Wine Trade 1865 was die produksie in 1795 al 100,000 gellings en in 1821 reeds 228,000 gellings.

Dr. Perold (persoonlike mededeling) is van mening dat die stook van brandewyn 'n nadelige invloed op die kwaliteit van wyn gehad het. Die produsente het, volgens hom, afgeleer om goeie wyn te maak en het ook nie probeer om die kwaliteit te verbeter nie, met die gevolg dat 'n swak kwaliteit wyn geproduseer is toe die verkeer makliker en beter geword het.

Soos reeds gesê was die plaaslike verbruik gering. Engeland het feitelik niks van die Suid-Afrikaanse brandewyn geneem nie. Die geringe uitvoer was hoofsaaklik afhanklik van ander lande o.a. Vrystaat, Transvaal, Natal, ens. d.w.s. alles buite die Kaap Kolonie en Groot Brittanje. Onderstaande tabel toon aan die uitvoer van brandewyn na die Verenigde Koninkryk en die ander lande.[2]

Tabel XIII. Brandewyn Uitvoer na Groot Brittanje.

	1860	1861	1862	1863	1864
Gellings	43	91	72	4	64
Waarde	£10	£39	£22	£4	£12
Brandewyn Uitvoer na Ander Lande.					
Gellings	40,927	36,709	37,494	43,471	43,091
Waarde	£ 7,617	£10,925	£11,364	£12,585	£10,249

1) Offisiele Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1929-1930
2) Report of the Select Committee on the Wine Trade - G.23, 1865.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit kan met veiligheid aangeneem word dat die produksie tot ongeveer 1870 nie te uitermate groot was nie. Dit was eers met die ontdekking van goud en diamante dat die aanvraag en gevolglik die produksie snel toegeneem het. Die kwaliteit het veel te wense oorgelaat. Van Babo sê:[1] "The making of brandy is till more unsatisfactory than the making of wine ..... A very good brandy could easily be made and would find its market. It is much to be regretted that no good brandy is made, because this would be the best way of disposing of the surplus of wine which is now in the Colony."

Hoewel die kwaliteit nie van die beste was nie en veel te wense oorgelaat het, is daar tussen die jare 1888 en 1910, volgens die Cape Statistical Register, gemiddeld sowat 10,000 lêers brandewyn geproduseer. As gevolg van die groter vraag na brandewyn gedurende die Boere Oorlog het die produksie toegeneem tot oor die 12,000 lêers.

In 1904 is die aksyns belasting op brandewyn verhoog van 1/- tot 6/- per gelling. Dit werk op 1/- per bottel of £38 - 2 - 0 per lêer. Die markprys in 1904 was £28 - 8 - 0. Dus die prys wat die konsument moes betaal was £66 - 10 - 0 en selfs hoër. Dit mag nie sonder meer gesê word dat die aanvraag gedaal het, maar die hoë prys het darem sekerlik sy invloed op die aanvraag laat voel. Verder is bepaal dat brandewyn vir vyf jaar geryp moes word. Om die prys konstant te hou, het die Regering voorskotte op sulke rabat brandewyn gegee. Volgens die Select Committee Report on Government Advances on Brandy 1908 het die voorskotte teen die end van 1908 reeds die som van £146,258 bedra. Dit het 'n baie nadelige invloed op die handel gehad. Die groot handelaars moes die aksynsbelasting betaal terwyl hulle dit slegs in paaiemente van die kantienhouers terug gekry het. Hulle het dus nie voorrade aangekoop nie, met die gevolg dat die handel nog meer afgeneem het. Volgens die Report of the Controller of Excise 1908 was daar tussen die jare 1904 en 1908 jaarliks 'n oorskot van ongeveer 'n half miljoen gellings brandewyn.

Die produksie van 1909 wat as gevolg van die hoë aksyns afgeneem het tot 5,274 lêers of 669,798 gellings toon 'n geleidelike vermeerdering tussen die jare 1910-1917. Ook moet onthou word dat daar jaarliks veel meer brandewyn ingevoer word as wat Suid-Afrika uitvoer. Indien dit in aanmerking geneem word dan kry die leser 'n besef van die hoeveelheid brandewyn wat tussen genoemde jare in Suid-Afrika verbruik geword is. Dit volg baie duidelik uit die onderstaande gegewens.[2]

1) Report on Viticulture: G. 41 - 1885.
2) Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1929-1930.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel XIV. Brandewyn beskikbaar vir Konsumpsie in S.A.

Jaar	Produksie	Uitvoer	Netto Invoer	Brandewyn beskikbaar
1910	1,318,021 gellings	35,910 gel.	75,430 gel.	1,357,541 gellings
1911	1,420,067 "	33,838 "	71,835 "	1,458,064 "
1912	1,594,353 "	31,492 "	81,482 "	1,644,343 "
1913	1,726,968 "	35,465 "	71,604 "	1,763,107 "
1914	1,371,741 "	23,677 "	61,873 "	1,409,937 "
1915	1,662,968 "	37,558 "	71,217 "	1,696,627 "
1916	1,766,240 "	452,007 "	72,464 "	1,386,697 "
1917	2,026,984 "	89,931 "	48,511 "	1,985,564 "

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK I. (b)

DIE ONTWIKKELING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WYNBEDRYF SEDERT 1917.

Omstreeks 1917 het die wynindustrie 'n periode van lae pryse belewe. Die Koöperatiewe Wynbouers Vereniging van Suid-Afrika Beperkt (K.W.V.) is in die lewe geroep met die doel om die industrie op 'n gesonde en vaste voet te plaas. Om hierdie rede gaan ons die uitbreiding en ontwikkeling van die industrie sedert 1917 na.

Nieteenstaande die depressie en lae pryse is daar maar nog altyd meer en meer wingerde aangeplant met die gevolg dat die produksie groter geword het. In 1920 het die wynhandelaars hulle oorgegee aan 'n spekulasie gees. Abnormale hoë pryse is betaal vir enige soort wyn afgesien van die kwaliteit - Die firma E.K.Green en Co. se gemiddelde inkoopsprys het uitgewerk op £18 - 10 - 0 per lêer. Dit kan verstaan word dat aanplanting op 'n groot skaal geskied het. So was daar dan ook in 1921 ongeveer 'n 17 miljoen stokke wat nog nie in drag was nie. Die aanplanting en uitbreiding blyk uit die volgende gegewens.[1)]

Tabel XV. Uitbreiding van Wingerde.

Jaar	Morge	Aantal Stokke
1911	---	69,000,000
1918	22,285	87,839,966
1921	26,009	102,107,984

Die aanplanting het gedurig aangegaan veral nadat die K.W.V. die beheer oor alle stookwyn gekry het. Die feit kan nie weg geredeneer word dat die vasgestelde minimumsprys vir stookwyn die aanplanting en produksie baie aangemoedig het. Dit was 'n prys wat die produsente onder g'n ander omstandighede ooit sou gesien het nie. Enige lid mag soveel produseer as wat hy wil afgesien van die kwaliteit. Dit is 'n vasstaande feit dat hoe hoër die prys van 'n produk is, hoe groter sal die aanbod word. G'n wonder dus die huidige oorskot vraagstuk. Die grond onder wingerd het toegeneem van 26,009 morge in 1921 tot 27,555 morge in 1925 en 28,104 morge in 1926.

Tenspyte van die lae pryse wat in die laaste jare uitbetaal word, geskied aanplanting in die groot maat en veral in sekere distrikte. Die surplus sal dus al groter en groter word.

In distrikte soos Worcester, Montagu en Robertson b.v., beskou boere £3 per lêer stookwyn as 'n redelike vergoeding. Die

1) Offisiele Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika 1929-1930.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rede hiervoor is dat die produksiekoste per lêer veel laer is as in die ou distrikte - o.a. die hoër opbrengs per morg in genoemde distrikte. Vandaar die aanplanting soos uit die produksiesyfers blyk:

Robertson	jaar	produksie
	1921	12,000 lêers
	1928	14,000 "
	1930	29,000 "
Worcester	1921	29,000 "
	1928	35,000 "
	1930	45,000 "

Genoemde distrikte toon dus 'n snelle uitbreiding. Behalwe die uitbreiding word die industrie bedreig met die aantal wingerde in Oudtshoorn, Riversdal en Graaff-Reinet. So ernstig is die huidige posiesie van die bedryf dat die Kommissie wat in 1932 aangestel was om ondersoek in te stel van mening was dat die enigste redding van die bedryf, die beperking van aanplanting ~~was~~ is.

Dit dien vermeld te word dat in die laaste jare heelwat wingerd vir die produksie van uitvoertafeldruiwe aangeplant is. As gevolg van die onekonomiese lae wynpryse word wyndruiwe, waar dit enigsins moontlik is, vervang deur uitvoerdruiwe. Suid-Afrika het reeds voor die Wêreld-Oorlog druiwe uitgevoer maar dit is eers na 1920, toe die toekoms vir die wynindustrie so duister was dat hierdie tak van wynbou die aandag begin geniet het. Druiwe maak vandag alreeds 40 persent van die totale uitvoer van Suid-Afrikaanse sagte vrugte uit. Die uitvoer het toegeneem van 8,998 kubieke ton in 1926 tot 1927 tot 13,085 kubieke ton in 1930-1931. Beter nog blyk die uitbreiding uit die aantal kissies wat uitgevoer is.[1)] -

Tabel XVI. Uitvoer van Druiwe.

Jaar	Kissies
1917-18	6,883
1918-19	14,262
1919-20	77,371
1920-21	106,972
1921-22	204,243
1922-23	225,214
1923-24	268,826
1924-25	331,852
1925-26	369,961
1926-27	500,500
1927-28	458,754
1928-29	520,883

1) Van Wyk, S.P.: Die Uitvoer van Suid-Afrikaanse Somervrugte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1929-30	524,141
1930-31	653,577

Die produksie van wyn gaan egter gepaard met die aanplanting van wingerde en toon dus ook 'n styging soos uit die onderstaande gegewens blyk.[1)]

Tabel XVII. Produksie van Wyn.

Jaar	Morge	Lêers
1918	22,285	96,750
1919	---	111,212
1920	---	117,100
1921	26,009	128,475
1922	---	89,552
1923	---	110,544
1924	---	85,550

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat die produksie in 1920 en 1921 besonder snel toegeneem het. Dit was vir genoemde jare byna tweemaal so groot as die produksie van 1910. In 1920 was die pryse abnormaal hoog as gevolg van die spekulatiewe gees. Die produksie is wel 'n bietjie ingekrimp maar die toestande was alles behalwe rooskleurig. Party van die wynhandelaars het bankrot gegaan terwyl die ander finansiëel verswak was. Die konsumpsie het afgeneem weens die hoë pryse. In 1920 kon die handelaars slegs 50,000 lêers van die nuwe oes koop daar hulle 140,000 lêers ophande gehad het. Pryse was gevolglik in 1921 baie laag. Daar was 'n groot surplus en die enigste uitweg vir die K.W.V. was om 11,801 lêers van die 1921 oes te vernietig. Die 1922 produksie was kleiner maar het nie die posiesie veel verbeter nie. Die aanbod het die vraag ver oortref teen 'n bepaalde prys. 'n Surplus was algemeen en in 1922 en 1923 moes die K.W.V. weer 40,025 en 39,830 lêers respektiewelik laat wegloop.

Gedurende die moeilike tyd waarin die wynprodusente hulle bevind het, het die Verenigde State van Amerika tydelik 'n goeie mark vir gedroogde druiwe gebied. Die hoeveelheid druiwe wat droog gemaak is, was as volg:[2)]

Tabel XVIII. Druiwe droog gemaak.

Jaar	lbs.
1922-23	2,287,046
1923-24	2,074,400
1924-25	1,042,500
1925-26	1,420,900

1) Jaar Rapporte van die K.W.V.
Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1929-30.
2) " " " " " " " " " ".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1922 is £40,000 deur die K.W.V. bestee om alkoholbrandstof van die surplus wyn te stook. Die poging het misluk omdat die produksiekoste ongeveer 1/- per gelling hoër was as die markprys van petrol in Suid-Afrika. In 1926 het die maatskappy, South African Motor Fuel Supply Coy, Ltd, in likwidasie gegaan.

Rosyntjies is al van die vroegste tye op die plase geproduseer. Dit is egter eers na die oprigting van die K.W.V. dat die produksie toegeneem het. Die K.W.V. het 'n ½ pennie bonus gegee op elke pond rosyntjies wat geproduseer word. Dit het egter nie die gewenste uitwerking gehad nie. As vorm van surplus bestryding het die K.W.V. die bonus verander tot een pennie per pond op rosyntjies wat uitgevoer word. Die produksie het toegeneem en sodoende is die wynproduksie effens omlaag gehou. Die toename van produksie is as volg:[1)]

Tabel XIX. Produksie van Rosyntjies.

Jaar	lbs.
1917-18	6,361,401
1918-19	4,914,900
1919-20	5,172,100
1920-21	8,394,000
1921-22	15,641,352
1922-23	11,821,312
1923-24	11,045,700
1924-25	9,319,390
1925-26	9,129,200
1926-27	10,290,910
1927-28	10,827,480
1928-29	9,928,070

Vanaf 1925 het effens beter tye vir die wynbou aangebreek en die produksie van wyn neem weer meer toe; temeer daar die produsente van 'n goeie minimumprys verseker was. Die produksie het as volg toegeneem:[2)]

Tabel XX. Produksie van Wyn 1925-1931

Jaar	Lêers
1925	116,820
1926	114,265
1927	116,314
1928	141,259
1929	145,267
1930	162,369
1931	145,115

1) Offisiele Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1929-30.
2) Jaar Rapporte van die K.W.V.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is 'n groot vermeerdering as daarby in aanmerking geneem word dat die produksie van rosyntjies en sultanas die totale produksie van wyn met die volgende hoeveelheid verlaag.[1)]

Tabel XXI. Druiwe in Rosyntjies omgesit.

Jaar	Lêers
1925	19,814
1926	19,711
1927	19,557
1928	18,244
1929	14,455
1930	13,217
1931	16,686

Die vermeerdering van produksie van wyn blyk veral uit die produksie van jonger wyndistrikte. Die produksie van Worcester en Robertson het toegeneem van 41,000 lêers tot 74,000 lêers tussen die jare 1921 en 1930 - 'n vermeerdering van 33,000 lêers d.w.s. 'n vermeerdering van 80 persent.

Gedurende die jare 1921-23 toe die produksie gemiddeld 110,000 lêers was, moes 'n totaal van 91,656 lêers vernietig word. Noudat die produksie 145,000 lêers is, is daar nog nie oorgegaan tot so'n strenge maatreel nie.

Die daling in pryse wat die produsente vir hulle produk ontvang, wys dat daar te veel geproduseer word.

Tabel XXII. Produsenteprys vir Wyn.[2)]

Jaar	Goeie Wyn		Stookwyn	
1927	£6 - 0 - 0	per lêer	£5 - 0 - 6½	per lêer
1928	£6 - 0 - 0	" "	£5 - 0 - 6½	" "
1929	£6 - 0 - 0	" "	£4 -13 - 3	" "
1930	£5 - 5 - 0	" "	£3 -19 - 4½	" "
1931	£4 -16 - 6	" "	£3 -11 - 5¼	" "
1932	£4 - 8 - 6	" "	£3 - 3 - 6	" "

Die pryse is kunsmatig opgehou. Was dit nie vir die vasgestelde minimum prys nie dan sou pryse miskien vandag nog laer gewees het. Op 30 Junie 1932 het die K.W.V. 23,200 lêers wyn in bewaring gehad. Die spieritus het egter ook langsamerhand opgehoop sodat die K.W.V. op 31 September 1931 nie minder as 2,313,019 gellings in besit gehad het. Dan is daar nog die wynhandelaars en liksensiehouers wat groot voorrade wyn en spieritus op hande het. 'n Totale hoeveelheid wyn en spieritus op hande op 31 September 1931 van 8,528,589 gellings en 3,761,214 gellings respektiewelik.[3)]

1) Jaar Rapporte van die K.W.V.
2) " " " " " .
3) Goewernements Kennisgewing No. 51 - 1932.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

By 'n verdere ontleding van die produksie vind ons die volgende:[1)]

Jaar	„Goeie" Wyn	Stookwyn
1929	31,000 lêers	114,267 lêers
1930	32,800 "	129,549 "
1931	30,094 "	115,021 "

Sowat 80 persent van die wyn word opgeneem as stookwyn aangesien die mark slegs 20 persent kan opneem as goeie tafel- of drinkwyn. Díe 80 persent is nie noodwendig slegte wyn nie want „goeie" wyn word ook ge"pool" omdat daar nie 'n mark voor is nie. Die wyn wat as „goeie" wyn opgeneem word, is werklik goed. Dr. A.I. Perold, wyndeskundige van die K.W.V., sê dat die kwaliteit van 'n sekere gedeelte baie gunstig vergelyk met die van enige ander wynproduserende lande.

Die feit dat die uitvoerhandel na 1860 tot niet gegaan het, asook die woorde van Baron van Babo is egter bewys genoeg dat die Suid-Afrikaanse produk merendeels van 'n inferieure kwaliteit was. Sedert die begin van hierdie eeu is die kwaliteit baie verbeter; en veral gedurende die laaste jare onder beheer van die K.W.V. word 'n produk geproduseer wat in sy soort van die beste in die wêreld is. Onlangs nog het die Voorsitter van Vine Products Ltd, die firma wat in Engeland 'n Suid-Afrikaanse wynhandel drywe, in sy rapport melding gemaak van die „fine heavy wines of South-Africa".

Behalwe die stokerye van die K.W.V. in die Pêrel, Stellenbosch, Worcester, Robertson en Montagu is daar nog die wynkelder van die K.W.V. in die Pêrel wat beskou word as van die mooiste en meest moderne. Daar is nie minder as 479 twintig-lêer en 108 tien-lêer stukvate nie. Verder nog sowat 'n 8,000 „pype" en 153 sement tenks. Dit bied plek vir 28,060 lêers „goeie" wyn en spieritus wat deeglik geryp kan word vir die plaaslike sowel as die oorsese mark.

Eers in 1927 het die K.W.V. hom regstreeks met die uitvoerhandel bemoei. As gevolg van die verbeterde kwaliteit wyn en die pogings deur die K.W.V. aangewend, het die handel enigsins toegeneem. Daar bestaan egter nog nie 'n groot oorsese aanvraag na Suid-Afrikaanse wyn nie. Die uitvoer wat hoofsaaklik na die Verenigde Koninkryk gaan, bedra nog lank nie 'n totaal van tien duisend lêers nie.

As die leser die hoeveelheid wyn wat uitgevoer word, aftrek van die hoeveelheid wat as goeie wyn opgeneem word dan kry hy 'n besef van die geringe hoeveelheid wyn wat in die Unie gedrink word.

1) Jaar Rapport van die K.W.V.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel XXIII. Wynverbruik in die Unie - S.A^se Produk.

Jaar	„Goeie"Wyn opgeneem		Uitvoer		Hoeveelheid beskikbaar	
1929	31,000	lêers	5,333	lêers	25,667	lêers
1930	32,800	"	5,434	"	27,366	"
1931	30,094	"	7,570	"	22,524	"

Uit bogenoemde tabel blyk dit dus dat oor genoemde jare die gemiddelde wynverbruik van die Unie van die Suid-Afrikaanse produk gemiddeld 25,186 lêers per jaar was.

Dit is bepaal dat wyn vir brandewyn fabrikasie nie meer as 1.1 per mille vlugtige suur behoort te bevat nie. Die K.W.V. besef dat in stookwyn nie meer as 1.4 per mille vlugtige suur aanwesig moet wees nie, vandaar dat hulle vir stookwyn betaal op basis van 20 grade alkohol sterkte met 'n vlugtige suur van nie hoër as 1.4 per mille nie. Vir elke punt bo 1.4 per mille trek hulle twee persent van die prys af. Wyn van 3.9 per mille en hoër kry dus halfprys.

Die 80 persent van die totale produksie wat in die stookwyn "pool" gaan, is tog grootliks wyn wat nie die naam wyn werd is nie. Niks anders as slegte brandewyn en spieritus kan met die wyn gemaak word nie. Geen wonder dus dat g'n mark vir die Suid-Afrikaanse brandewyn gevind kan word. Die produksie neem toe as gevolg van die groter aanbod van stookwyn. Die netto invoer het wel gedaal maar die uitvoer is gering weens die afwesigheid van 'n buitelandse mark vir die Suid-Afrikaanse produk.

Tabel XXIV. Produksie van Brandewyn.[1)]

Jaar	Produksie		Netto Invoer		Uitvoer	
1918	2,201,392	gellings	28,298	gellings	164,786	gellings
1919	2,248,782	"	10,477	"	104,315	"
1920	2,240,135	"	39,037	"	75,172	"
1921	2,803,914	"	37,433	"	50,381	"
1922	1,658,343	"	19,585	"	43,674	"
1923	1,486,303	"	17,376	"	42,291	"
1924	1,684,469	"	16,383	"	46,192	"
1925	1,845,161	"	18,729	"	41,869	"
1926	1,779,269	"	21,428	"	43,641	"
1927	1,832,662	"	16,562	"	42,189	"
1928	2,302,317	"	18,557	"	41,017	"
1929	2,634,136	"	16,751	"	46,075	"

Die plaaslike konsumpsie, volgens die aksynskantoor het as volg afgeneem:

1) Offisiele Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1929-30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jaar	Gellings
1917	1,257,366
1920	1,185,054
1925	928,973
1930	841,846
1931	771,122

Geen wonder dus dat die voorraad brandewyn en spieritus so opgehoop het. Die K.W.V. sit met 'n voorraad van byna 2½ miljoen gellings. Gedurig moet die store vergroot word en daar blyk geen afsetmoontlikheid nie. Die surplus vraagstuk gee die owerheid baie moeilikheid en hulle sit met hulle hande in hulle hare.

Daar is genoeg spieritus op hande om in die behoeftes van die eerskomende vier of vyf jaar te voorsien. Ons kan dus verwag dat die swak kwaliteit wyn wat ongeskik is vir brandewyn fabrikasie binnekort vernietig sal moet word.

----oOo----

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK II.

DIE TEORETIESE VRAAGSTUK VAN OORPRODUKSIE.

Daar die hoof thema van hierdie verhandeling die „Oorproduksie van Wyn" is, is dit wenslik om kortliks die verskynsel van oorproduksie of oorskot by landbouprodukte te ondersoek. Surplus[1] of oorskot is woorde wat baie in die daelikse lewe genoem word en wat dikwels in die hedendaagse wêreldhuishouding aangetref word. Dit is dus wenslik om die begrip hier duidelik en definitief te omskrywe en te let op wat in die algemeen voorgestaan word om hierdie brandende vraagstuk op te los, of te probeer oplos.

Onder oorproduksie word verstaan 'n produksie groter as die gemiddelde oor 'n aantal jare geneem m.a.w. 'n oorskot wat teen 'n verlies verkoop sal moet word. So word gepraat van 'n oorskot van graan, tabak, wyn en dergelyke landbouprodukte. Die vraag is egter wanneer kan ons praat van 'n oorskot. Wat is die hoeveelheid of grens waar gesê mag word dat al wat hoër is as daardie grens 'n oorskot is? In die populêre sin beteken oorproduksie dat meer geproduseer word as wat gevra word teen 'n sekere prys.

Indien die wêreld as 'n eenheid beskou word, dan moet aangeneem word dat die totale hoeveelheid wat geproduseer word met die hoeveelheid wat verbruik word moet balanseer. Dit is feitlik onmoontlik om van so'n standpunt uit te gaan want die ondervinding bewys dat behoeftes slegs betreklik goed bevredig kan word. Daar is dus gedurig dele of streke in die wêreld wat nie ten volle versorg is nie en waar selfs hongersnood is. Gevolglik kan daar dus, streng beskou, nie van oorproduksie of 'n oorskot van 'n sekere produk gepraat word nie. Die kwessie is om die produk wat nodig is na sulke dele wat nie ten volle versorg is nie te kry en dan daarvoor 'n prys te kry wat die koste van die produsent sal vergoed en daarby aan hom 'n redelike wins sal besorg. So vind ons dat nieteenstaande die feit dat daar op een plek 'n hongersnood kan heers daar terselfdertyd op 'n ander plek van 'n oorskot gepraat kan word omdat die produsent nie sy produkte, wat op die een plek nodig is, betalend van die hand kan sit nie.

Die produsent ondervind die ekonomiese werklikheid van 'n oorproduksie juis wanneer hy nie betalend kan produseer nie. Om 'n oorskot te verklaar deur die nie-balansering van produksie en behoeftes oor die wêreld as 'n gebied geneem gaan dus nie op nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat dus vereis word is 'n ander ekonomiese verklaring van die begrip oorskot. As dus van oorproduksie gepraat word dan is dit altyd in die verband van produksie en konsumpsie. Daar word dus aan die begrip 'n bepaalde betekenis gegee, en in díe sin moet die vraagstuk beskou word.

'n Oorskot, beskou van die gesigspunt van 'n mark, is 'n hoeveelheid bo die normale d.w.s. 'n hoeveelheid of produksie groter as die gemiddelde oor 'n aantal jare geneem en wat dus nie teen 'n bepaalde prys verkoop kan word nie, of twedens, 'n hoeveelheid meer as wat nodig is vir die binnelandse verbruik, of derdens, so'n groot hoeveelheid van 'n produk dat pryse laer afgebring word as wat nodig is om die produsente genoegsaam te vergoed.

Bogenoemde drie gevalle kan egter nie sonder meer aangeneem word nie want daar is beperkings. So kan b.v. die aanbod van die kant van die produksie beskou, as normaal bestempel word maar terselfdertyd is dit moontlik dat dit as abnormaal beskou kan word omrede dat pryse weens 'n kleiner aanvraag kan daal. Dus in die sin dat die pryse te laag word vir 'n genoegsame vergoeding van die produsente kan daar met 'n normale aanbod tog 'n oorskot wees. Daar is egter nog baie ander veranderinge en 'n sorgvuldiger formulering is nodig. Ons ~~dus~~ kan dus daarop wys dat veranderde modes en smake, seisoen veranderinge, 'n geldskaarste ens. 'n afname in aanvraag kan veroorsaak. Dit gebeur dan so dikwels dat die landbouprodusent weens die laer pryse nog meer produseer om op díe manier nog 'n genoegsame inkome te kan verkry. Die gevolg is gewoonlik dat toestande nie verbeter nie maar meer en meer versleg.

Vervolgens kan 'n oorskot ook daaraan herken word dat die bepaalde produk vir 'n minder betalende doel gebruik word as die gewone. So b.v. waar koring gebruik word vir voeding van diere of selfs vir brandstof, word dit nie op die gewone manier gebruik nie maar wel in 'n minder betalende rigting waar dit dan moet konkureer met artiekels wat meer bepaald vir díe doel bestem is. Indien so'n weg gevolg word dan kan aangeneem word dat daar 'n oorskot van die bepaalde produk is vir daardie bepaalde doel. Natuurlik sal dit nie die geval wees as koring, weens een of ander uitvinding, in die vervolg teen daardie lae koste van veevoedsel geproduseer kan word nie.

Nog nouer is die vraagstuk van oorproduksie verbonde aan uitvoer. In 'n sekere sin is alles wat aan ander nasies verkoop word en uitgevoer word 'n oorskot. Skynbaar is dit nie die geval met 'n land wat graan uitvoer terwyl daar persone in die land is wat honger ly nie, maar dan nog kan dit as 'n oorskot beskou word alleen in die sin van 'n oorskot bo die hoeveelheid wat in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

binneland van die hand gesit kan word teen die uitvoerprys. Dit is natuurlik 'n baie ongesonde toestand van sake. Nie-te-min is dit nie weg te redeneer dat 'n hoë wêreldprys die oorskot in die sin van 'n uitvoer surplus sal laat toeneem en 'n lae wêreldprys dit weer sal laat af neem nie.

Dit moet egter onthou word dat 'n uitvoeroorskot nie in elke instansie as die kriterium kan geld waaraan 'n oorskot gemeet word nie, want dit is heel moontlik dat in 'n land 'n oorskot kan wees terwyl daar nie juis uitvoer van belang is nie. Neem b.v. die geval van aartappels. Slegs 'n geringe persentasie van die wêreldproduksie kom in die internasionale handel. Met wyn is dit presies dieselfde. Nogtans is die prys so laag dat dit hie 'n genoegsame vergoeding vir die produsente is nie. Die ondernormale prys moet dus hier geld as die kriterium van 'n oorskot. Die gevolgtrekking waarop nadruk gelê moet word, is dat daar 'n binnelandse surplus kan wees wat geheel en al onafhanklik van uitvoer is. In die verband word daarop gewys dat daar 'n oorskot van 'n wêreldwye omvang kan wees, soos nou die geval is met suiker, rubber en wyn; of dit kan wees nasionaal soos met aartappels in 'n bepaalde land en derdens kan dit wees lokaal soos b.v. die geval van Methley pruime in die Westelike Provinsie. Laasgenoemde geval van oorskot kan natuurlik dikwels voorkom of verminder word deur beter verkeer en beter opslagfasiliteite ens.

Dit blyk dus dat ons met 'n oorskot te doen het waar produksie aan die een kant en konsumpsie aan die ander kant mekaar nie balanseer nie. Dit kan egter alleen moontlik wees as die aanbod hoër is as die aanvraag en natuurlik nie in die geval waar aanvraag hoër is as die aanbod nie. Dit kan ook onder-konsumpsie genoem word maar dit is, op die keper beskou, tog maar dieselfde. Hier moet egter daarop gewys word dat selfs by ewewig tussen vraag en aanbod pryse laag kan wees; selfs so laag dat die produsente van oorproduksie sal praat. Die gebrek aan stabiliteit tussen produksie en konsumpsie kom dan weer tot uitdrukking in die prys as gevolg van die werking van die wette van vraag en aanbod en die wette wat prys bepaal. Die koste vraagstuk is vir die produsente die vernaamste. Duidelikheids-halwe kan dus hier iets oor vraag en aanbod gesê word om sodoende oorskot in terme van vraag en aanbod te probeer uitdruk.

In die algemeen is daar drie wette wat die wette van vraag en aanbod genoem word n.l.

(a) As die aanvraag by 'n heersende prys groter is as die aanbod, dan toon die prys 'n neiging om te styg. As daarenteë die aanbod groter is as die aanvraag dan toon die prys die neiging om te daal.

Dit moet ook onthou word dat as die prys 'n neiging toon

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om te styg dan koop die kopers gewoonlik nog meer want hulle is bang vir 'n verdere styging. Indien pryse daal sal baie kopers hulle benodighede 'n bietjie uitstel want hulle verwag 'n verdere daling van prys.

(b) 'n Prysstyging het oor die algemeen die gevolg dat, vroeër of later, aanvraag die neiging toon om te verminder en aanbod om toe te neem. Omgekeerd het die aanvraag die neiging om toe te neem en aanbod om te daal by 'n daling in prys.

Hierdie wet kan egter nie sonder meer aangeneem word nie want 'n groter vraag, 'n konstante vraag en 'n dalende vraag kan hier voorkom. 'n Groter vraag is moontlik soos reeds tevore daarop gewys is. 'n Konstante vraag by 'n prysstyging kom voor in die geval van noodsaaklike lewensbehoeftes soos b.v. brood.

(c) Pryse toon die neiging om op die punt tot stand te kom waar aanbod en aanvraag in ewewig is.

Hierdie wette vorm die grondslag van alle ekonomiese teorie en het 'n baie wye toepassing. Die derde wet kan maklik uit ondervinding afgelei word maar terselfdertyd volg dit ook uit die eerste twee wette. Dit blyk uit die wette dat veranderinge in pryse skommelinge teweegbring wat die neiging toon om tot 'n toestand van ewewig te kom daar waar aanvraag en aanbod gelyk is. Uit genoemde wette is dit ook duidelik dat aanvraag en aanbod die pryse beïnvloed; en dit is veral van belang om dit te begryp by die behandeling van die oorproduksievraagstuk. As ons 'n gegewe hoeveelheid geld het asook 'n gegewe hoeveelheid goedere, dan - as die aanbod toeneem en alle ander dinge gelyk bly - moet dit volg dat die prys van die goedere per eenheid sal daal. Omgekeerd as die hoeveelheid goedere daal dan moet die prys per eenheid van die produk styg as alle ander faktore gelyk bly. Veranderinge in aanvraag sal ook die ooreenstemmende gevolg hê n.l. 'n toenemende aanvraag by 'n gelyk blywende aanbod sal pryse verhoog terwyl 'n dalende aanvraag by 'n gelyk blywende aanbod pryse sal laat daal.

By hierdie wet van vraag en aanbod moet altyd in aanmerking geneem word die bepaling dat ander faktore gelyk bly, want die ekonomiese lewe is 'n ingewikkelde stelsel waarop baie faktore inwerk en selfs mekaar onderling beïnvloed. Gevolglik moet 'n metode van abstrakte redenering gebruik word - alle ander faktore word uitgeskakel en alleen die invloed van sekere bepaaldes word bespreek. Hierby moet onthou word dat by die invloed van veranderinge in aanvraag die tydselement nie buite rekening gelaat mag word nie. By lang periodes kan ander faktore in werking tree wat die invloed van die eerste faktor kan neutraliseer of modifiëer. Nog meer, veranderinge in pryse het as gevolg dat daar die neiging is vir veranderinge in vraag en aanbod. As die prys van 'n produk styg dan sal die aanvraag daarna afneem en die produsente sal meer wil

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

produseer. Omgekeerd as dit daal sal die produsente hulle produksie inkort en die konsumente sal weer meer vra. Daar is egter ook ander faktore wat die aanvraag en aanbod beïnvloed b.v. die smaak en gewoontes van die konsumente aan die kant van aanvraag terwyl die aanbod weer ook afhang van die koste van produksie. In die mate wat hierdie faktore die aanbod en aanvraag beïnvloed word ook die prys wat sal heers, beïnvloed. Die produsent moet eenvoudig rekening hou met sy koste en dan daarvolgens sy aanbod reël. Die konsument weer moet rekening hou met sy koopkrag of inkome, sy behoeftes en die nut wat 'n produk vir hom het. Indien 'n aanbodkurwe geneem word wat die verhouding tussen aanbod en prys weerspiëel, dan sal 'n verandering in prys beteken dat 'n ander kurwe moet opgestel word. 'n Verandering in die koste van produksie beteken ook dat 'n nuwe aanbodkurwe sal moet opgestel word. Dieselfde geld by die inwerking van ander faktore op die aanvraag kurwe. Ons sien dus die rol wat die voorwaardes van aanbod en aanvraag speel by die vasstelling van wat die uiteindelike gevolg sal wees. Dit is veral daarom dat daar moet rekening gehou word met kort en lang periodes. Tot die bogenoemde wette kan dus nog bygevoeg word n.l. 'n styging in aanvraag of 'n daling in aanbod toon die neiging om vir 'n kort periode pryse te laat styg. Omgekeerd 'n daling in aanvraag of 'n styging in aanbod toon die neiging om pryse, vir 'n kort periode tenminste, te laat daal. In 'n kort periode het ander faktore nog nie soveel kans om hulle invloed te laat geld nie.

Ekonomiese verskynsels soos konjunktuur verloop, veranderinge in geldwaardes, psigologiese faktore, ens. moet ook mee rekening gehou word maar dit is hier onmoontlik om op al die verskillende invloede in te gaan.

Die doel is om oorproduksie in terme van aanvraag en aanbod te interpreteer as alle ander dinge gelyk is.

Daar kan dus van 'n oorskot gepraat word as die produksie groter is as die aanvraag vir 'n bepaalde produk teen 'n bepaalde prys met die gevolg 'n prysdaling. Hier sal 'n verlies gely word as die prys nie hoog genoeg is om die produsent genoegsaam te vergoed nie. 'n Redelike prys moet minstens die koste van produksie kan dek. Hierdie geval van oorskot kan in twee verdeel word n.l. waar dit tenminste oor 'n langer periode gaan, en twedens waar die oorproduksie tewyte is aan 'n tydelike te groot produktiwiteit van 'n, onder gewone omstandighede, normale produksie-kapasiteit. Dit sal die geval wees as daar by 'n landbouproduk as gevolg van klimaat of weersomstandigheid een jaar 'n buitengewone goeie oes is terwyl daar die volgende jaar weer 'n slegte oes is met 'n konstante aanvraag na die bepaalde produk.

Twedens kan van oorproduksie gepraat word as 'n oorskot in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanbod by 'n afname in aanvraag teen bestaande pryse terwyl die produksie normaal bly. Ook hier kan 'n onderskeid gemaak word tussen 'n tydelike afname in die aanvraag as gevolg van veranderde modes, seisoen veranderinge of veranderinge van 'n meer permanente aard.

Die oorskot wat daar dus sal bestaan, kom tot uiting selde in die algehele onmoontlikheid van verkoop van 'n bepaalde produk, maar meesal in die te lae pryse wat tot stand kom as gevolg van vraag en aanbod - ekonomies is dit 'n te lae prys want die aanbod is groter as die aanvraag teen 'n bepaalde prys. Hierby mag die wisselwerking tussen vraag en aanbod aan die een kant en prys aan die anderkant nie vergeet word nie.

Tot dusver is daarop gewys wat oorproduksie of oorskot is en hoe dit in die ekonomiese lewe te verklaar is. Vervolgens sal oorgegaan word tot die middels wat in die algemeen aangegee is ter bestryding van oorskotvraagstukke.

Uit wat reeds gesê is blyk dit dat die vraagstuk van oorproduksie en die oplossing daarvan hierop neerkom n.l. om die regte verhouding tussen vraag en aanbod tot stand te bring teen pryse wat die produsente genoegsaam sal vergoed.

Twee hoofoorsake van oorproduksie by landbouprodukte is die veranderde seisoensomstandighede en die veranderinge in die oppervlakte onder bewerking van 'n bepaalde produk. Die boer, in teenstelling met die fabrikant, het maar min beheer oor die hoeveelheid produkte wat hy produseer. Verder is daar ook te veel indiwiduele produsente wat onafhanklik van mekaar produseer. By meerjarige landbougewasse is die veranderinge in die oppervlakte onder bewerking nog duideliker want dit is eers na drie of vier jaar, by indragkoming, dat 'n oorproduksie sigbaar word. Om genoemde gewasse van die grond te verwyder beteken dan ook niks anders as vernietiging van kapitaal nie.

Die kwessie van 'n oplossing van die oorproduksievraagstuk lê dus in die rigting van aanpassing. Die produksie en die heersende omstandighede moet bymekaar aangepas word.

Heel aan die begin van die bespreking van die bestryding van oorproduksie verdien dit melding dat pogings om oorproduksie te voorkom byna altyd tot 'n mislukking gedoem is, omrede die belange van die indiwiduele produsent lynreg staan teenoor die belange van die groep waar dit gaan om produksie in te kort. Elke indiwidu strewe na sy eie grootste voordeel en is onwillig om sy produksie te beperk om die ander te help. Hy sien nie altyd in dat hy daardeur homself kan bevoordeel nie. Om dus enige maatreël in hierdie rigting toe te pas, sal absolute eenstemmigheid en samewerking 'n vereiste wees en die produsente moet feitelik geleer word om toestande in die lig in te sien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die groot moeilikheid van die landbouprodusent is om die regte kwantiteit en kwaliteit van produk te lewer waarvoor daar 'n aanvraag bestaan. Dit is heelwat moeiliker vir die boer om dit te doen as wat miskien met die eerste oogopslag die geval skyn te wees, As fabrikate en hulle oorproduksie met landbouprodukte vergelyk word dan sal dit duideliker wees. Die fabrikant lewer meesal 'n definitiewe gestandaardiseerde kwaliteit van produk terwyl dit hoegenaamd nie die geval by die landbou is nie. Daar is siektes onder landbougewasse wat die kwaliteit van die produk benadeel. Daarby het die landbouprodusent g'n beheer oor klimaat en weersomstandighede nie wat beide die kwantiteit en kwaliteit van sy produk beïnvloed. Hy kan kontrole uitoefen oor 'n langer tydperk deur sy produksieoppervlakte in te krimp maar hy kan nie die oeste of opbrengs kontroleer nie. By 'n vergelyking van die oorskot by fabrikante en landbouprodukte blyk dit duidelik dat die fabrikant daartoe instaat is om produksie in te krimp indien nodig. Die landbouprodusent is in 'n baie minder mate hiertoe instaat. Hy kan nie meteens sy produksie halveer of na willekeur inkort as pryse begin daal nie - dit tenminste nie na die plantseisoen verby is nie. Nog meer ingewikkelder is dit as ons met vee of met 'n meerjarige gewas te doen het waarin baie kapitaal belê is, soos in die geval van 'n vrugteboord en 'n wingerd. Nog meer, 'n oorskot in fabrikate kan met 'n baie kleiner riesiko opgeslaan word as landbouprodukte. Die landbouprodusent kan ook nie so maklik sy verliese op die arbeiders afskuiwe as die fabrikant nie.

Indien dus die omstandighede waaronder landbouprodukte geproduseer word in ag geneem word, dan skyn dit haas onmoontlik om 'n oorskot te voorkom deur produksiekontrole. Oorproduksie by landbouprodukte skyn tot 'n sekere mate onvermydelik te wees. Wat dus gedoen moet word, is om die nadele of gevolge daarvan te neutraliseer, met ander woorde om die nadelige gevolge van 'n oorproduksie uit die weg te probeer ruim.

So word dan herhaaldelik deur 'n groot aantal persone aanbeveel dat die oorskot deur die Regering van die land moet opgeneem word uit die hande van die produsente. So'n skema sal egter nooit deur ekonome voorgestaan word nie. 'n Verdere voorstel is dat die Regering jaarliks 'n prys moet vasstel wat die koste van produksie sowel as 'n redelike wins moet insluit. Die Regering sal dus 'n gewaarborgde prys moet vasstel waarteen kopers sal moet koop. Invoerregte sal op ingevoerde produkte van dieselfde soort moet gehef word om hulle prys aan die gewaarborgde prys gelyk te maak. In geval die Regering verplig is om die surplus self op te koop teen die gewaarborgde prys sal hy dit dan eenvoudig in die buiteland moet "dump" vir wat daarvoor gekry kan word. In 'n moderne demokratiese staat is dit haas ondenkbaar dat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

publieke opienie so'n verdeurgevoerde staatskontrole sal toelaat. As middel vir bestryding van oorproduksie is dit baie vergesog en ekonomies ongesond. Almal sal eenvoudig produseer soveel hulle kan, want daar is dan 'n vasgestelde prys en die oorskot sal eenvoudig groter word. Nie heeltemal dieselfde nie maar tog iets dergelyks is vandag die geval met die Suid-Afrikaanse wyn produksie.

Produksiekontrole deur staatswetgewing is 'n verder metode wat voorgestel word om oorproduksie te voorkom. Natuurlik is aan so'n kontrole groot praktiese moeilikhede verbonde. Dan is daar nog diegene wat heftig gekant is teen die beperking van aanplanting van landbougewasse.

Kooperatiewe Verenigings en beter organisasies kan baie daaraan doen om die effekte van 'n oorproduksie te versag. Hulle kan b.v. oorskotte opslaan en oorhou vir 'n maer jaar. Om soiets te kan doen is dit noodsaaklik dat feitlik alle of die groot meerderheid van produsente van 'n bepaalde produk aan so'n organisasie moet behoort. Om so'n politiek, soos uiteengesit, met sukses toe te pas is 'n soort van monopoliekontrole nodig waarby die organisasie beheer sal hê oor die produk veral wat die afset daarvan betref. Dit moet egter onthou word dat so'n opslag van produkte kan beteken dat daar gedurig oorskotte op hande sal wees. Veral by wyn en brandewyn kan dit die geval wees daar dit feitlik nie aan bederf onderhewig is nie, inteendeel die kwaliteit verbeter na mate dit ouer word. Dit is ook makliker om so'n produk op te slaan as om daarvoor 'n mark te kry.

Dit is egter 'n vasstaande feit dat 'n sentrale organisasie wat beheer het oor die produk beter instaat is om bemarking te reël as die indiwidu. Beter informasie kan versamel word en produkte kan in die regte kanale gestuur word. Die kwessie van voordelige bemarking van landbouprodukte bestaan grotendeels uit 'n goeie kontrole oor produksie en aanvraag en by baie landbouprodukte is die beheer oor produksie van meer belang as die aanvraag, daar bepaalde produkte nie juis so geskik vir advertensie is nie. Die punt is juis dat die sentrale organisasie beter instaat is om die beheer oor produksie, bemarking en selfs kwaliteit uit te oefen as die indiwidu.

Om aan die boer te sê dat die groei van bevolking of die beperking wat daar is aan, grondvoorrade sal help om die oorskotte te laat verdwyn, is weinig troos. Niemand kan hom op soiets verlaat nie.

In die algemeen kan dus wenke aan die hand gegee word wat op een of ander manier toegepas kan word om te help in die oplossing van oorproduksievraagstukke. As middel van bestryding word b.v. aan die hand gegee die aanplanting van bosse. In plaas van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bosse uit te kap en koring te saai moet meer en meer bosse gepalnt word want bosbou is nog 'n betalende bedryf ~~in~~ b.v. in Amerika, terwyl die koringbou reeds met surplusse te kampe het. Daar word ook op gewys dat melkboerdery een van die mees winsgewende vorme van boerdery is. Die aanvraag vir room, botter, kaas en vars melk het in die laaste tien jaar aansienlik toegeneem. Ons kan ook aanneem dat solank as wat die mens lewe die aanvraag nie sal afneem nie maar wel altyd die neiging sal toon om te vermeerder.

Die landbouprodusent moet ook leer om prysverlope te bestudeer en vir hulle self te interpreteer in periodes van vyf of tien jaar. Die meer intelligente boer is tog daartoe instaat en kan sy eie sake baie bevorder deur 'n studie van pryse en besigheid in die algemeen.

Dit is reeds aangehaal wat deur koöperatiewe organisasies gedoen kan word. Uiteindelik behoort díe organisasies dan instaat te wees om sonder hulp van regeringsweë met so'n oorskot te kamp.

Dan beweer sommige persone dat dit 'n betreklike veilige metode is om 'n uitvoersubsidie vir bepaalde produkte te betaal indien heersende pryse laag is.

Ons vind in die praktyk dat oorproduksie lei tot lae pryse, pryse wat selfs so laag daal dat die produsent wat nie 'n goeie kwaliteit produseer nie en dus nie 'n lae produksiekoste per eenheid het nie, nie kan bestaan nie en gevolglik moet uitval. Dit is die groot of middelmatige groot produsent met 'n betreklike lae produksiekoste wat die toon aangee. Diegene produseer die groot hoeveelhede en 'n oorproduksie ontstaan, met die gevolg van lae pryse.

Tereg sê Boyle in sy "Marketing of Agricultural Products": "Market gluts occur frequently with agricultural specialities ..... The glut is due to inferior or poor quality product."[1] Hy stel homself die vraag of daar enige oplossing vir die vraagstuk is. Sy antwoord is onder andere: "Discontinue producing a surplus. This implies an actual falling off in production, or a falling off in the amount marketed through a more severe culling and grading."[2]

Die ondervinding leer dat in tye van lae pryse of oorproduksie die slegte kwaliteit van die mark verwyder moet word. Slegs kwaliteitsprodukte moet aangebied word vir verkoop.

Op die genoemde maniere moet dan die effek van oorproduksie voorkom of teengegaan word. Waar daar 'n oorskot is, moet die besondere omstandighede deeglik ondersoek word en aan die hand van algemene beginsels moet dan 'n bepaalde metode opgestel word en gevolg word wat die beste sal wees om 'n oorskot te verwyder of die nadele daarvan uit die weg te ruim. Dit moet egter op streng

1) Boyle: Marketing of Agricultural Products, p.g. 27.
2) " " " " " , p.g. 227.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ekonomiese lyne geskied.

Alleen langs so'n weg is daar hoop om suksesof 'n mate van sukses in die bestryding te behaal.

-----ooo-----

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK III. (a)

DIE OORPRODUKSIE VAN WYN IN DIE VERNAAMSTE WYNPRODUSERENDE LANDE.

Dit kan met veiligheid aangeneem word dat al die vernaamste wynproduserende gebiede met 'n geweldige oorproduksie te kampe het. Die aanbod van wyn is groter as die aanvraag teen 'n bepaalde prys. Pryse is besonder laag en die toekoms van die wynbedryf oor die hele wêreld is alles behalwe rooskleurig.

Op die Internasionale Wynbou Kongres van 1927 in Italië het dit geblyk dat die kwaliteit behou moet word en dat aanplanting van die gewone wynsoorte in die kwaliteits-distrikte teen gegaan moet word. In 1929 was dit een van die belangrikste onderwerpe van bespreking op die Internasionale Landbou Kongres te Bucharest. Dit is algemeen gevoel dat die aanplanting gereguleer, ingekrimp en selfs verbied moet word.

Interessant is dit dus om op die wêreldproduksie van wyn te let. Volgens die International Yearbook of Agricultural Statistics 1929-30 blyk dit dat die produksie nog steeds toeneem.

Tabel I. Wêreldproduksie van Wyn

Jaar	Grond onder Wingerd		Produksie	
1909-13	6.8	miljoen Hektare	141.1	miljoen Hektaliters
1926	6.9	" "	131.9	" "
1927	6.9	" "	161.2	" "
1928	7.1	" "	182.8	" "

Die uitbreiding van gronde onder wingerd het toegeneem van 8.3 miljoen morge in 1926 tot 8.5 miljoen morge in 1928. Terselfdertyd het die produksie van wyn toegeneem van 22.8 miljoen lêers tot 31.7 miljoen lêers - 'n vermeerdering van 39 persent. By verdere ontleding van die beskikbare gegewens blyk dit dat Europa verreweg die vernaamste produsent is en ongeveer 85 persent van die totale wêreldproduksie lewer. Die onderstaande tabel motiveer dit.

Tabel II. Wynproduksie van Europa.[1)]

Jaar	Produksie	Persentasie
1926	112.5	85.5
1927	138.7	86.0

1) International Yearbook of Agricultural Statistics, Rome, 1929-30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1928	153.8	83.9
1929	151.0	--

Die vernaamste wynproduserende gebiede met hulle produksie blyk uit die onderstaande gegewens.[1)]

Tabel III. Vernaamste Wynproduserende Gebiede.

	1926	1927	1928	1929
Frankryk	42.6 milj. H.L.	51.2 milj. H.L.	60.3 milj. H.L.	62.9 mil.HL
Italië	20.4 " "	20.9 " "	26.7 " "	20.9 " "
Spanje	15.8 " "	28.3 " "	22.1 " "	25.0 " "
Algerië	8.4 " "	8.0 " "	13.7 " "	12.8 " "
Roemenië	5.1 " "	7.1 " "	7.1 " "	5.0 " "
Portugal	3.7 " "	9.3 " "	4.5 " "	6.6 " "

Al te duidelik is die vermeerdering in produksie te sien as die gemiddelde produksie van bogenoemde gebiede, tussen die jare 1926 en 1929, vergelyk word met die produksiesyfers van 1930.

Tabel IV. Wynproduksie.

	1926-29	1930[2)]
Frankryk	9.4 miljoen lêers	10.0 miljoen lêers
Italië	3.8 " "	6.2 " "
Spanje	3.9 " "	4.9 " "
Algerië	1.9 " "	1.4 " "
Roemenië	1.1 " "	1.3 " "
Portugal	1.0 " "	1.1 " "

Wat die internasionale handel in wyn betref, toon die onderstaande tabel dat slegs ongeveer 10 persent van die totale produksie in die wêreldhandel kom. Weens die inkrimping van die afsetgebiede na die oorlog is die lande meer op hulle eie binnelandse markte aangewys as afsetgebiede vir hulle produksie.

Tabel V. Netto-Uitvoer van Wyn.[3)]

Jaar	Miljoen Hektoliters	(Miljoen Lêers)	Persentasie
1909-13	13.4	(2.3)	9.5
1926	16.8	(2.9)	12.7
1927	16.5	(2.8)	10.2
1928	17.9	(3.1)	9.8
1929	17.4	(3.0)	---

1) International Yearbook of Agricultural Statistics, Rome, 1929-30.
2) Government Liqour Commission Report 1931.
3) International Yearbook of Agricultural Statistics, Rome, 1929-30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n opbrengs van 11¾ - 14½ lêers per morg, (b) waar die produksie meer is as 8665 lêers met 'n opbrengs van sewe en een-vyfde - 11½ lêers per morg.

Van hierdie heffing is vrygestel plase met 'n totale produksie van minder as 69 lêers waar die opbrengs ook nie 21.7 lêers per morg te bowe gaan nie.

Die wet bepaal ook dat wingerde nie na die 15de Julie nat gelei mag word nie.

Wingerde kan egter vernuwe of vervang word deur 'n ander van gelyke grootte op dieselfde plaas. Die aanplanting van tafeldruiwe word nie deur hierdie wet beperk nie. Persone wat egter aanplant, moet jaarliks 'n boete van £67 per morg vir sulke nuwe aanplantings betaal. Die boete is so hoog dat dit onekonomies is om sulke wingerde aan te plant.

Die wet verbied dus nie alleen 'n groter produksie van wyn van 'n ordinêre gehalte nie, maar dit verhoed ook 'n intensiewe bewerking deur die heffing en die feit dat wingerde nie van die hellings na die valleie verskuiwe mag word nie. Die wetgewing beoog ook die handhawing van die kwaliteit. Streng wette is verder gemaak teen die vervalsing van wyn daar dit nadelig sal wees vir die bevordering van die uitvoerhandel sowel as die plaaslike verbruik. Alle moontlike pogings word aangewend om die uitvoer te bevorder. Die spoorvragte is met 25 persent verminder, die plaaslike aksyns vir wyn in bottels is opgehef en die staat maak sterk propaganda vir die verbruik van wyn. Ook op ander maniere word reklames gemaak vir die verbruik van vars druiwe en druiwesap.

Spanje ly nie sos sterk as gevolg van 'n oorproduksie nie maar die oorskot wat jaarliks oorgedra word, vergroot die nuwe oes aansienlik. Haar uitvoer het baie gedaal en dit daal nog steeds. Dit blyk uit haar uitvoer na Engeland wat van 3.64 miljoen gellings in 1925 afgeneem het na 0.35 miljoen gellings in 1926.

Spanje maak orals in die buiteland propaganda vir die oprigting van wynkafees. Die Spaanse Regering sien ook toe dat die Spaanse merke in die handel kom.

Die Italiaanse wynmark gaan ook gebuk onder die kriesis. Die produksie neem toe terwyl die uitvoer gedurende die laaste jare baie gedaal het. Wat meer is, die plaaslike verbruik het baie ingekrimp met die gevolg dat 'n swak oes meer as vergoed word deur die oorskot op hande.

Alles word gedoen om die uitvoer te herstel en die wetgewing van 1929 maak voorsiening vir die oprigting van Koöperasies met steun van staatsweë vir die uitvoer van wyn. Die beleid is om wyn aan die buitelandse konsumente te lewer teen laer pryse as wat Frankryk en Spanje kan doen.

Italië volg ook die voorbeeld van Spanje met betrekking tot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die oprigting van wynhuise in die buiteland vir Italiaanse wyne. So is ook al pogings aangewend om 'n deel van die oorskot wyn op die buitelandse markte te verkoop. Genoemde wet beperk ook die aanplant van wingerde.

So geweldig is die surplus dat pogings aangewend word om brandstof van die minder goeie kwaliteite te vervaardig.

-----oOo-----

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vernaamste invoerlande is Frankryk, Switzerland, Engeland en Duitsland. Frankryk voer egter hoofsaaklik sy wyn uit sy eie kolonie Algerië in. Die invoer, met uitsondering van Frankryk, het in die laaste jare nie toegeneem nie, maar toon 'n daling aan. Dit is nie die uitvoer self nie maar wel die uitvoerpersentasie wat die neiging toon om te daal.

Algerië voer ongeveer 75 persent van haar produksie uit. Dit is ongetwyfeld die vernaamste mededinger van die uitvoerlande. Die moontlikheid vir 'n groter produksie is baie groot, temeer daar haar opbrengs per morg feitlik van die hoogste in die wêreld is. Frankryk is die vernaamste produsent asook die vernaamste invoerland. Haar uitvoer het gedaal en sy gaan gebuk onder 'n oorproduksie.

"The general crisis which is disturbing the wine trade shows no signs of relaxing; on the other hand it has recently experienced adverse periods causing the Governments, Associations and private interests to follow its developments with great attention." Aldus die International Review of Agriculture - Feb. 1930.

Interessant is dit dan om te let op die posiesie van die wynbedryf in die vernaamste produksie land, asook op die maatreels wat geneem is om die bedryf van ondergang te red. Die gemiddelde prys van wyn het gedaal van 175 francs per hektoliter in Julie 1931 tot ongeveer 90 francs in Desember 1931. Die posiesie van die produsente is dus kritiek. Weens die onsekerheid van die mark is die handelaars bang om groot voorrade aan te hou; gevolglik koop hulle net genoeg om in die onmiddellike behoeftes te kan voorsien.

Die kriesis in die wynboubedryf in Frankryk word toegeskryf aan die afname van die uitvoer, die toename van die invoer en die algemene oorproduksie.

Die plaaslike verbruik van wyn word as onvoldoende beskou omrede die verbruik van ander dranke toeneem tenspyte van die groter aanbod van wyn. Die uitvoer het ook afgeneem van 44 miljoen gellings voor die oorlog tot 33 miljoen gellings in 1928. Die invoer oor dieselfde tydperk het vermeerder van 171.6 miljoen gellings tot 268.4 miljoen gellings. Die uitvoer van Frankryk neem nog gedurig af terwyl die invoer jaarliks vermeerder.

Die produksie het in 1930-31 wel afgeneem, maar dit is die oorskot wat van jaar tot jaar oorgedra word wat die moeilikheid gee. So is 118.8 miljoen imperiale gellings wyn van die 1928 oes na 1929 oorgedra. Die syfers van die Monthly Crop Report van die Internasionale Landbou-Instituut te Rome, Feb. 1930, toon die volgende hoeveelhede wat die produsente vir verkoop doeleindes op hande gehad het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel VI. Wyn by Produsente in Frankryk.

Jaar	Voorrade
1926	1,009.7 miljoen gellings
1927	1,121.9 " "
1928	1,319.9 " "
1929	1,502.4 " "

Indien die hoeveelhede wat die handelaars in voorraad gehad het bygereken word, dan kry die leser 'n besef van die werklike beskikbare aanbod van wyn in Frankryk.

Tabel VII. Aanbod van Wyn in Frankryk.[1)]
(Miljoene imperiale gellings)

	1926-27	1927-28	1928-29	1929-30	1930-31
by produsente	970.4	1,124.0	1,319.5	1,502.2	1,060.2
by handelaars	242.0	197.1	199.5	242.1	273.2
Totaal	1212.4	1321.1	1519.0	1744.3	1333.4

Kooperatiewe verenigings is in die meeste van die wynproduserende distrikte gestig om wyn te verkoop. Vervolgens is ook wynbouers-verenigings gestig vir die maak van wyn. So was daar al in Desember 1927 reeds 353 sulke wynmaak-verenigings in Frankryk. Die verenigings werk met groot sukses want dit beteken minder arbeidskoste, gestandaardiseerde wyne, beter bemarking en gevolglik beter en hoër pryse.

Dit is dus duidelik dat Frankryk genoeg wyn het vir die plaaslike behoeftes sowel as vir uitvoer. Om te verhoed dat pryse laer sal daal as wat winsgewend sal wees of laer as produksiekoste, of selfs dat dit onverkoopbaar teen die lae pryse, sal wees, is pogings aangewend om die uitbreiding teen te gaan.

Die Franse wet van 4 Julie 1931 verbied die aanplanting vir 'n tydperk van tien jaar. Die wet maak ook voorsiening vir 'n heffing vanaf 1 Augustus 1931 op elke plaas wat 'n hoër gemiddelde opbrengs as 14.5 lêers per morg het. Die heffing is as volg:[2)]

4/6	per	lêer	op	opbrengste	tussen	14½-18	lêers	per	morg.
9/3	"	"	"	"	"	18 -21½	"	"	"
18/6	"	"	"	"	"	22-25	"	"	"
28/-	"	"	"	"	"	25½-29	"	"	"
46/6	"	"	"	"	"	29 -36	"	"	"
93/-	"	"	"	"	hoër as	36	"	"	"

Behalwe bogenoemde heffing is daar ook nog 'n heffing van 4/6 per lêer (a) waar die produksie groter is as 346½ lêers met

1) Monthly Crop Report, Rome, Jan. 1931.
2) Wine and Spirit - Feb. 1932.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK III. (b)

DIE OORPRODUKSIE VAN WYN IN SUID-AFRIKA.

Uit die voorgaande gegewens blyk dit dat die wêreldproduksie van wyn sowat 32 miljoen lêers is. Daar is ook op gewys dat die gemiddelde hoeveelhei wyn wat in die internasionale handel kom slegs 10 persent is. Van die 3 miljoen lêers is Algerië vir minstens 1.1 miljoen lêers verantwoordelik.

Die Suid-Afrikaansie produksie is baie gering in vergelyking met die totale wêreldopbrengs asook met lande soos Frankryk, Italië, Spanje en Algerië. Dit is egter interessant om die posiesie van die Suid-Afrikaanse wynbedryf na te gaan en op die aard van die oorproduksie te let.

Die produksie volgens die K.W.V. boeke is die volgende:

Tabel VIII. Produksie van Wyn in Suid-Afrika.

Jaar	Lêers
1921	128,475
1922	89,552
1923	110,544
1924	85,550
1925	116,820
1926	114,265
1927	116,314
1928	141,259
1929	145,267
1930	162,369
1931	145,115

Die uitvoer vir dieselfde jare was as volg:

Tabel IX. Uitvoer van Suid-Afrikaanse Wyn

Jaar	Gellings[1]	(Lêers)
1921	404,099	3,182
1922	474,980	3,740
1923	708,614	5,580
1924	499,385	3,932
1925	222,238	1,750
1926	240,481	1,893
1927	459,861	3,621
1928	448,812	3,534

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1929	677,197	5,332
1930	690,181	5,434
1931	961,342	7,570

Dit kan bygevoeg word dat die uitvoer in die laaste jare baie toegeneem het. Die feit bly egter daar dat dit baie gering is in vergelyking met die produksie wat met 'n ongunstige jaar vir die maak van rosyntjies met ruim 'n 15,000 lêers vergroot kan word. Daar kom dus slegs sowat 'n 3 persent van die Suid-Afrikaanse wyn in die internasionale handel. 'n Bewys dat Suid-Afrika nog meer as baie ander lande op sy binnelandse mark aangewys is vir die afset van wyn. Indien die geografiese toestande in aanmerking geneem word, dan is dit nog duideliker dat die moontlikhede wat daar vir Suid-Afrika bestaan om met sekere lande op die wêreld-mark te konkureer baie gering is. Wat meer is, die produksie brei nog steeds uit en dit lyk nie of daar vir Suid-Afrika 'n groot moontlikheid is om van die oorskot wyn en brandewyn op die buite-landse mark ontslae te raak nie. Die buitelandse afset vir Suid-Afrikaanse wyn berus ook uitsluitlik op die voorkeurtariewe van die Verenigde Koninkryk vir die Dominiums want elf-twaalfdes van die wyn wat uitgevoer word, gaan na die Verenigde Koninkryk.

Suid-Afrika is 'n jong land en met veiligheid kan gesê word dat die grense vir 'n moontlike verbouing nog nie bereik is nie. Aanplanting van jong wingerde het in die laaste jare op 'n abnormale skaal geskied en 'n maksimum oes is in die nabye toe-koms te wagte. Die produksie neem gevolglik sneller toe as die aanvraag, tenspyte van die maatreëls wat beoog om die oorskot kleiner te maak of te verwyder.

Onthou moet word dat die Unie se uitvoerhandel in wyn betreklik min vordering gemaak het gedurende die laaste tien jaar. Die produksie het egter geweldig toegeneem soos uit tabel 8 blyk. Die gemiddelde produksie van 109,524 lêers vir die jare 1921-23 het vermeerder tot 145,115 lêers in 1931, nadat dit in 1930 nog veel groter was.

In 1921, 1922 en 1923 was daar g'n ander uitweg as om 11,801, 40,025 en 39,830 lêers wyn, teen 'n vergoeding, te laat uitloop nie. Noudat die produksie groter is, is daar nog nie wyn vernietig nie. Die konsumpsie van drank in Suid-Afrika het ook afgeneem soos tevore op gewys is. Dit is dus duidelik dat daar 'n groot voorraad wyn en brandewyn op hande moet wees; en dat ons wel van 'n surplus in die Suid-Afrikaanse wynbedryf mag praat.

Tenspyte van die geringe produksie vorm stookwyn 80 per-sent van die totale produksie soos uit die onderstaande tabel blyk.[1]

I) (vorige bladsy) Offisiele Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika 1929-30.
1) Jaar Verslae en Rapporte van die K.W.V.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Terwyl die produksie van Worcester en Robertson met 'n gemiddelde opbrengs van vyf lêers per duisend stok oor dieselfde jare toegeneem het en wel met 33,000 lêers.

Die vooruitsigte van die bedryf is alles behalwe rooskleurig as in aanmerking geneem word dat in die distrikte Ladismith, Riversdal, Oudtshoorn, Graaff-Reinet wingerde aangeplant word. Pryse sal as gevolg daarvan noodwendig nog laer afgedruk word. £5 per lêer word sowat as die laagste betalende prys in die Pêrel en Stellenbosch beskou, terwyl Worcester, Montagu en Robertson vir £3 per lêer kan produseer.

As ons Suid-Afrika se wynprodusente ontleed volgens die hoeveelheid van hulle wyn-opbrengs, kry ons die volgende:[1)]

395	produsente	pars	tussen	100-200	lêers
112	"	"	"	200-300	"
34	"	"	"	300-400	"
18	"	"	mêer as	400	"

Daar is tesame 4028 wynboere, en dus pars 559 produsente d.w.s. 13.9 persent meer as die helfte van die totale oes. Van die 559 produsente is ongeveer die helfte (277) woonagtig in Worcester en Robertson. In Paarl en Stellenbosch word hulle dikwels beskrywe as „Mosboere", wat hulle toelê op 'n massaproduksie afgesien van kwaliteit.

„Afgesien van die koste verbonde aan die aanlê van wingerde moet dit onthou word dat wynproduksie baie kapitaal-uitgawes in verband met kelders en vate meebring. Dis waarskynlik 'n konserwatiewe skatting om te beweer dat die kapitaal deur boere belê in wynbou nie minder as £5,000,000 is nie met 'n jaarlikse produksie gewaardeer teen omtrent £1,000,000 sterling."[2)] Die wynboubedryf het in die laaste jare 'n belangrike mate van ontwikkeling deurgemaak. Dit kan aangeneem word dat daar vandag tussen 'n vyf en 'n ag miljoen pond in die bedryf belê is. Die oudste bedryf van die land word met ondergang bedreig. Die wynboubedryf is van die allergrootste belang vir die boeregemeenskap in omtrent 'n dosyn distrikte in die Westelike gedeelte van die Kaap Provinsie. Dit is dan ook die groot aantal kleiner produsente, $\frac{6}{7}$, wat swaar kry ten koste van die groter produsente.

Wat die binnelandse afset of konsumpsie betref, wil ons daarop wys dat die mark vir wyn baie beperk is. Die blanke bevolking is baie klein en wyn is nie 'n nasionale drank nie. Die wynbou produseer juis ook baie min drinkwyn. Die plaaslike konsumpsie is baie klein want die drink van wyn in Suid-Afrika word

1) K.W.V. Boeke.
2) Rapport van Komitee aangestel deur sy Edele die Minister van Landbou om ondersoek in te stel na die Uitvoer-Wynhandel van die Unie van Suid-Afrika - 1928.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel X. Produksie van Stookwyn

Jaar	Produksie	Stookwyn
1929	145,267 lêers	114,267 lêers
1930	162,369 "	129,549 "
1931	145,115 "	115,021 "

Die leser mag die indruk kry dat stookwyn 'n baie slegte wyn is. Dit is nie noodwendig so nie. Onder stookwyn word verstaan enige wyn wat in die stookwyn-"pool" opgeneem word. „Goeie" wyn of tafelwyn is die wyn wat opgeneem word vir drink doeleindes. „Goeie" wyn word stookwyn sodra dit aan die stookwyn-"pool" gelewer word. As gevolg van die beperkte wynhandel kom daar dan ook 'n hoeveelheid „goeie" wyn in die "pool". Die wyn moet in brandewyn en spieritus verstook word om konsumente te kan vind.

Die abnormale produksie van stookwyn is die oorsaak van die bestaande moeilikhede. Hierby kom nog die feit dat 'n groot deel van die wyn wat geproduseer word stookwyn van 'n baie swak kwaliteit is d.w.s. wyn wat te veel vlugtige suur bevat. Daar is nog produsente wat die idee toegedaan is dat stookwyn klaar is sodra die druiwe vergis is. Dit mag nie nagelaat word om daarop te wys dat indien 'n baie groter hoeveelheid „goeie" wyn sou gevra word, Suid-Afrika dan nie daaraan sal kan voldoen nie. Daar is ook distrikte waar uitsluitlik stookwyn geproduseer word. Die produksie toon dié om toe te neem teen die vasgestelde prys van die K.W.V. tenspyte van die reeds bestaande surplus.

'n Daling in prys beteken nie altyd 'n vermindering van die wins nie want die koste van produksie kan ook gedaal het. In die geval van wyn kan daar nie juis van 'n laer produksiekoste gepraat word nie. Die oorproduksie van wyn blyk uit die lae pryse wat die produsente vir hulle produkte ontvang.

Tabel XI.[1] Pryse van Wyn per Lêer.

Jaar	„Goeie" Wyn	Stookwyn
1926	£6 - 0 - 0	£5 - 0 - 6½
1931	£4 -16 - 6	£3 -11 - 5¼
1932	£4 - 8 - 6	£3 - 3 - 6

Die daling in prys toon dus dat die posiesie van die bedryf kritiek is. Teen die heersende pryse kan slegs geproduseer word in distrikte waar die grondpryse nie te duur is nie en waar die opbrengs per morg hoog is d.w.s. waar die produksiekoste per lêer laag is. Hierdie bewering word gestaaf deur die feit dat die produksie van die ou wynproduserende distrikte, Pêrel en Stellenbosch, wat 'n gemiddelde opbrengs van 2 lêers per duisende stok het met twee duisend lêers gedaal het tussen die jare 1921 en 1930.

1) K.W.V. Boeke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geheel anders beskou as in Europa. Die konsumpsie van wyn per hoof van die bevolking in Suid-Afrika vergelyk dan ook baie ongunstig met die van die ander wynproduserende lande soos uit die onderstaande tabel blyk.[1)]

Tabel XII. Annual per caput Consumption of Wine.

Countries	pints
South Africa	15.0
France	455.0
Italy	303.4
Spain	154.4
Portugal	99.4
Switzerland	79.5
Greece	62.5
Hungary	57.1
Bulgaria	38.3
Roumania	26.0
Belguim	17.1
Argentine	10.2
Australia	6.3

Die konsumpsie van wyn per hoof van die bevolking in Suid-Afrika is nie heeltemal juis nie. Die syfer in die voorgaande tabel is bereken op die totale produksie + die invoer - die uitvoer. Die konsumpsie is ook bereken vir die totale bevolking van die land. Indien 'n juister berekening gemaak word moet slegs die hoeveelheid wat verkoop word as basis geld met in agneming van die invoer en die uitvoer. Die naturel is ook uitgesluit van wynverbruik in Suid-Afrika. Die konsumpsie kan dus nie op basis van die totale bevolking bereken word nie - die naturelle bevolking moet buite rekening gelaat word. Ons kan dus die volgende berekening maak:

Produksie 1930	162,000	lêers
Oorskot of surplus	63,000	"
Wyn vir moskonfyt ens.	5,000	"

Wyn beskikbaar vir verbruik 94,000 lêers d.w.s. 11,938,000 gellings. Hiervan word 690,181 gellings uitgevoer terwyl ongeveer 50,000 gellings ingevoer word. Dit laat dus 90,382,552 pinte vir verbruik vir die Unie bevolking. Volgens die Unie Jaarboek 1929-30 is die geskatte bevolking vir 1930, naturelle uitgesluit, 2,575,034 siele. Die konsumpsie per hoof werk dus uit op 35.1 pinte - 'n syfer wat baie ongunstig vergelyk met b.v. die van Frankryk, Italië, Spanje, Portugal, ens.

Die Afskaffers-Beweging het in die laaste tyd kort-kort aanvalle op die wynindustrie laat publiseer. Die Kerke kan ook nie

1)Report of the Imperial Economic Committee - Wine, London, 1932.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

genoeg die euwels van drank-gebruik verkondig nie en is ongetwyfeld die grootste vyand van die wynboer.

Die Kleurlinge is ongetwyfeld die grootste verbruikers maar daar hulle koopkrag laag is, kan hulle dit nie bekostig om 'n goeie kwaliteit wyn te drink nie. Die dopstelsel wat in Kaapland in werking is, is nie van toepassing in Transvaal nie. In die Vrystaat is die boere geregtig om hulle arbeiders 'n dop te gee maar hulle doen dit meestal nie. Die naturel is in Suid-Afrika deur die wet uitgesluit van die gebruik van wyn. Daar bestaan gevolglik baie onnodige beperkinge op die drankhandel van owerheidsweë wat as gevolg het 'n vermindering van verbruik.

Afsetkanse bestaan in Suid-Afrika want die konsumente wat wil drink is daar. Die wetgewing is egter nie so gunstig vir 'n algemene gebruik van wyn soos in Europa nie, want wyn word daar baie makliker verkry as in Suid-Afrika.

Die Suid-Afrikaanse konsument is ook geneig om liewers bier of Whisky bo wyn te geniet. Dit is feitelik 'n landsgewoonte waarvoor daar historiese redes bestaan. Daar word jaarliks ontsaglik veel bier gedrink. Die invoerreg op Whisky is onlangs verhoog van 45/6 tot 47/6 per gelling nogtans word daar nog baie Whisky in die Unie ingevoer soos blyk uit die Jaarverslag oor die Handel van die Unie van Suid-Afrika en Suid Wes Afrika.

Tabel XIII Invoer van Whisky in die Unie.

Jaar	Gellings	Waarde
1922	331,150	£379,038
1923	334,121	£378,928
1924	288,728	£382,317
1925	322,378	£418,355
1926	311,431	£400,160
1927	279,266	£362,185
1928	289,327	£374,613
1929	280,079	£362,964
1930	275,743	£358,381
1931	264,750	£327,693

Die verkoop is in die hande van die hotel- en bottelstoor-eienaars. Die bedoeling van die nuwe drankwet van 1928 was goed. Die algemene mening is egter dat dit die konsumpsie baie laat afneem het. Wyn mag volgens die wet nie voor tien uur in die môre en nie na tien uur in die aand verkoop word nie. Persone is nie in staat om na die vermaaklikhede van die aand iets in die lyn van drank te geniet nie. Die menings of dronkenskap verminder het, is baie uiteenlopend. Diegene wat met die toestande in die wyndistrikte bekend is, weet dat daar g'n beterskap te bespeur is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die wet het tot dusver ook nie daarin geslaag om 'n end te maak aan die onwettige drankverkoop aan naturelle nie.

Statistieke verkry van die aksynskantoor wys dat die binnelandse konsumpsie van brandewyn afgeneem het na die inwerking tree van bogenoemde wet en wel as volg:

Tabel XIV. Afname van die Binnelandse Brandewyn Konsumpsie.

Jaar	Gellings
1928	954,595
1929	891,219
1930	841,846
1931	771,122

Die vermindering van konsumpsie vir die eerste jaar was 63,376 gellings. Die verbruik van 1931 toon 'n vermindering van 20 persent onder die van 1928. Die konsumpsie toon nog 'n gedurige daling en die verbruik vir 1932 toon reeds 'n vermindering van 33,022 gellings teenoor die eerste ses maande van 1931. Die inkomste van aksyns op brandewyn en spieritus het ook gedaal met £148,000 in die eerste jaar van die werking van die drankwet.

As die Suid-Afrikaanse wynproduksie van 1930 as basis geneem word dan is die oorskot as volg:

Produksie 1930		162,000 lêers
Wyn deur handelaars gekoop as goeie wyn	32,000 lêers	
Wyn nodig vir spieritus vir fabrikasie van soetwyne	9,000 "	
Stookwyn verkoop	53,000 "	
Wyn vir moskonfyt ens.	5,000 "	99,000 "
Oorskot		63,000 "

Hierdie 63,000 lêers moet tot spieritus verstook word en deur die K.W.V. in bewaring geneem word.

Die oorskot van wyn, brandewyn en spieritus het dus al groter geword. So was die totale voorraad van wyn op hande by persone wat gelisensiëer was om handel te drywe in wyn in die groot maat in die Unie op 31 Desember 1931 as volg:[1)]

Lopende jaar se oes	5,664,098	gellings.
Vorige oeste	2,864,391	"
'n Totaal dus van	8,528,489	"

Op 30 Junie 1932 was die voorraad by die K.W.V. 23,200 lêers d.w.s. 2,946,400 gellings. Volgens dieselfde kennisgewing was, op 31 Desember 1931 die voorraad brandewyn en spieritus op hande 3,761,214 gellings waarvan die K.W.V. 2,313,019 gellings in besit gehad het.

1) Goewerments Kennisgewing No. 51 van 1932.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar bestaan ook g'n twyfel dat die hoë profyte van die tussenhandel die handel baie strem nie. Daar is 'n groot verskeidenheid in prys vir dieselfde kwaliteit wyn op verskillende plekke. So kan die uitgevoerde Suid-Afrikaanse wyn in Engeland goedkoper gekoop word as op sommige plekke in ons eie land. Hotelle wat naby die wynproduserende distrikte geleë is, vra b.v. 6/- terwyl hotelle in ander baie verder-afgeleë sentrums vir dieselfde wyn 2/6 per bottel vra. Dit is te verstaan dat die deftige Hotels meer vir dieselfde artiekel sal vra omrede die beter bediening, fyner kelkies ens. Indien egter in aanmerking geneem word dat die produsent 1½ pennie per bottel vir goeie wyn ontvang, dan is dit duidelik dat die wyn wat teen 5/- verkoop word 'n baie hoë profyt insluit.

Dit is nie soseer die wynhandelaars wat met die profyt heengaan nie maar wel die hotel- en bottelstooreienaars. Die gemiddelde profyt wat hulle neem op whisky, bier en Suid-Afrikaanse brandewyn is 75, 85, en 150 persent[1] respektiewelik. Ons kan dus vra waarom die profyt op Suid-Afrikaanse drank so uitermate hoog moet wees.

Die Komsumpsie van drank in Suid-Afrika is nie wat dit behoort te wees nie. Dit is duidelik dat die bedryf in 'n erg moeilike posiesie verkeer. Die produsente is almal daarmee eens dat iets gedoen moet word om die bedryf op 'n gesonde voet te plaas. Ons sal egter in hoofstuk VII by wyse van slot hierop neerkom en sekere aanbevelings maak.

---oOo---

1) Government Liqour Commission 1931.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IV.

DIE OPRIGTING EN ONTWIKKELING VAN DIE KOÖPERATIEWE WYNBOUERS VERENIGING.

Die K.W.V. is die organisasie wat in die verlede onvermoeide ywer aan die dag gelê het om die wynindustrie op 'n vaste voet te plaas. Dit het dan ook ongetwyfeld ontsaglik veel vir die Suid-Afrikaanse wynindustrie gedoen. Om hierdie rede wens ons dus die oprigting en ontwikkeling van die organisasie na te gaan.

Soos reeds tevore daarop gewys het die prys van wyn in 1917 besonder laag gedaal. Stadigaan het bewegings ontstaan om die bedryf op 'n gesonde en vaste voet te plaas. 'n Konsepkonstitusie is opgetrek met die doel om 'n vereniging te stig[1]. Vergaderings is gehou in al die wynboudistrikte om propaganda te maak vir die voorgenome doel. Die gevolg was dat die produsente besluit het om saam te staan. Op 'n kongres in die Pêrel is die konsepkonstitusie aangeneem en die Koöperatiewe Wynbouers Vereniging van Zuid-Afrika Beperkt in die lewe geroep.

Die doel van die Vereniging was om 'n mienimum prys vir wyn vas te stel en om 'n meer stabiele mark vir die produsente te verseker. Dit blyk uit die Memorandum of Association waarvan klousule III as volg lees: "That the objects for which the Company is established are:

1. So to direct, control and regulate the sale and disposal of the produce of its members, in so far as it is the products of the vine, as to secure or tend to secure to them a continuously adequate return for such products of the vine.....

2. So to direct, control and regulate by all lawful ways and means the wine industry generally as to secure or tend to secure to its members the said continuously adequate return .....

To secure control over the alcoholic produce of its members and for this purpose to dispose and to control the disposal in the most profitable manner."

Ongeveer 95 persent van die produsente het by die Vereniging aangesluit en vandag staan die ledetal op 4028.

Lede het onderneem om nie hulle wyn te verkoop aan hande-

---

1) Die persone wat verantwoordelik was vir die optrek van die konsepkonstitusie was die here C.Kohler, Pieter Roux, Paul Roux, Dan Retief, Geo.Hauptfleisch, Jan du Preez en Frans Joubert.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

laars wat nie lede van die Vereniging is nie, terwyl die handelaars onderneem om alleen wyn te koop van die produsente wat lede van die Vereniging is.

Daar het egter moeilikhede ontstaan deur die dubbelsinnighede in die konstitusie. As gevolg van die nuwe Koöperatiewe Wet, No. 28 van 1922, moes die wynhandelaars bedank as lede van die Vereniging. Die toestand van die bedryf het maar kritiek gebly.

Deur Wet No.5 van 1924, Kontrole Wet, is die K.W.V. absolute beheer verleen oor stookwyn, of dit nou aan 'n lid of nie-lid behoort. Elke produsent moet elke jaar voor 'n sekere datum 'n opgaaf maak van wyn, spieritus en brandewyn deur hom geproduseer en ook sê hoeveel hy apart hou vir gebruik en hoeveel hy het om te verkoop as stookwyn.

Daar is genoeg kans vir samewerking want al die distrikte is verteenwoordig op die direksie. Die direkteure word deur die lede self gekies en hulle stel jaarliks die prys van stookwyn vas nadat die surplus in aanmerking geneem is. Die direkteure weet min of meer hoeveel lêers die handelaars kan opneem en hoe groot die oes sal wees. Hulle maak dus 'n berekening van die inkomste. Die inkome verdeel deur die grootte van die oes vorm die basis van die prys. Dit moet egter onthou word dat die K.W.V. g'n beheer oor die prys van „goeie" wyn het nie. Die ooreenkoms met die handelaars is 1/3 per gelling of £7 - 18 - 9 per lêer. Die handelaars betaal aan die K.W.V. en nie direk aan die produsente nie. Van die 1/3 trek die K.W.V. sespennies af vir administrasie koste; ook nog 10/- vir elke lêer stookwyn wat die produsente lewer. Vir die 10/- wat afgetrek word ontvang die produsent 'n aandeel met 'n nominale waarde van 10/-. Die fonds wat so opgebou word, word deur die Vereniging gebruik om die surplus wyn op die mark te koop en tot spieritus te verstook.

Die K.W.V. het die beheer ook oor die stook van spieritus. Al die handelaars wat spieritus wil stook, moet ook 'n permit van die K.W.V. kry. Die K.W.V. lewer ook spieritus aan lede teen 'n billike prys om hulle in staat te stel om wyn vir uitvoer te fortifiseer. Om die industrie te beskerm en seker te maak dat net wyne van 'n hoë kwaliteit uitgevoer mag word, bepaal die wet van 1924 dat wyn wat uitgevoer word minstens 18 maande geryp moet wees. Geen brandewyn mag ook na 1 Julie 1928 verkoop tensy dit vir 3 jaar in houtvate gebêre was nie.

Deskundiges is deur die K.W.V. aangestel vir die maak van goeie wyn. Stokerye is opgerig in Paarl, Stellenbosch, Worcester, Robertson en Montagu. Op laasgenoemde twee plekke onderneem die K.W.V. self die maak van wyn. In die Pêrel is die kelder waar wyn en brandewyn vir uitvoer geryp word. Dit bevat ruimte vir 28,000 lêers wyn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die uitvoer van wyn was altyd in die hande van die wynhandelaars. Die K.W.V. het egter altyd oorsese handelaars aangemoedig om kontrakte te sluit met die Suid-Afrikaanse handelaars. Die handelaars het egter maar min gedoen om die uitvoerhandel te stabiliseer. Sedert 1927 bemoei die K.W.V. hom regstreeks met die uitvoer van wyn en brandewyn. Onvermoeide ywer is aan die dag gelê om nuwe markte te ontgin en oues terug te kry. Voorsiening is gemaak vir die ryping van duisende lêers wyn. Die kwaliteit is tot 'n hoë gehalte verbeter en Suid-Afrika kan vandag konkureer met die oorsese swaar wyne.

Die K.W.V. verkoop hulle wyne deur middel van hulle eie organisasie in London met groot sukses - The South African Wine Farmers' Association (London) Ltd.

Die prys wat die K.W.V. vir stookwyn vasgestel het was op 'n sogenaamde "Fair price basis". Hulle het van die standpunt uitgegaan dat £7 - 18 - 9 per lêer, wat op 2½ pennies per bottel uitwerk, nie te hoog is nie want die handelaars verkoop hulle produk teen 1/- per bottel. Nadat die administrasiekoste afgetrek is kan die produsent 'n maksimum prys van £4 - 15 - 3 per lêer ontvang. Die prys, volgens die K.W.V., sal net genoeg wees om 'n redelike vergoeding vir die produsente in te sluit. Die "Fair price" is 'n prys wat onder die ekonomiese omstandighede te hoog is vir stookwyn en het direk aanleiding gegee tot 'n groter produksie. Die produsente sou sekerlik onder ander omstandighede nooit so'n prys gekry het nie. Die prys moes nie 'n aanmoediging vir die aanplanting van wingerde vir die produksie van stookwyn gewees het nie.

Die K.W.V. het in die afgelope 15 jaar van sy bestaan baie gedoen in belang van die wynindustrie. Dit is onmoontlik om te sê wat die posiesie sou gewees het as daar nie so'n vereniging bestaan het nie. Dit ly geen twyfel dat die posiesie minder rooskleurig sou gewees het as wat dit onder die huidige omstandighede is.

Die K.W.V. het egter hierdie moeilikhede geskep of altans nie gekeer nie, en het vandag met 'n oorproduksie te kampe. Nou vra hulle om hulp deur wetgewing om o.a. aanplanting van wyndruiwe vir 'n tydperk van 3 jaar te beperk. Hoewel dit 'n verkeerde beleid was wat aanleiding gegee het tot die oorproduksie, mag nie uit die oog verloor word dat die bedoeling heeltemal opreg was nie. Ook moet onthou word dat die K.W.V. met moeilike tye te kampe gehad het en dat veranderings en verbeterings nie tegelyk aangebring kan word nie.

Tenslotte wil ons net nog iets sê oor die finansies van die K.W.V. As in aanmerking geneem word hoe die organisasie ontwikkel het en hoe die werk vermeerder het, dan moet toegegee word dat die administrasie-koste ten bedrae van £17,096 - 2 - 5 laag is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die finansies van die vereniging is gesond. Die Balansstaat soos op die 31ste Desember, 1931, wys 'n Reserwefonds van £ 840,465 - 2 - 8. Dit bestaan daarin dat £ 512,946 - 18 - 11 in die vorm van die Wyn Surplus Beskerming belê is, terwyl £ 266,904 - 12 - 4 in die oudmaak van wyn en brandewyn belê is. Die totale bate van die Vereniging is £1,209,750 - 10 - 0 waarvan £166,052 - 10 - 6 in geboue en vasgoed belê is; £173,161 - 5 - 10 in Unie Goewerments Fondse; £47,501 - 0 - 0 in die South African Wine Farmers' Association (London), Ltd.; Diverse skuldenaars £340,214-1 - 4; in wyne, brandewyn en spieritus op hande £369,598 - 14 - 0.

Die laste is betreklik klein; feitlik die enigste en vernaamste pos is die 486,767 volop-betaalde tien-sjielings aandele ter waarde van £243,383 - 10 - o.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V.

HANDEL EN PRYSVERLOOP VAN WYN IN SUID-AFRIKA.

Wat die handel in wyn betref is dit al so terloops daarop gewys dat die wyn wat buite die Unie verkoop word ongeveer 3 persent van die totale opbrengs is. Dit mag egter nie nagelaat word om te sê dat die hoeveelheid wyn wat uitgevoer word in die laaste jare heelwat toegeneem het. Dit blyk uit die onderstaande tabelle wat die uitvoerhandel met die vernaamste invoer gebiede aantoon.

Tabel I. Uitvoerhandel in Wyn - persentasies.

Jaar	Verenigde Koninkryk.	Mauritius	Belgies Kongo	Duitsland	Holland	Nu-Seeland	SuidWes Afrika	Noord. Suid. Rhodesia	en
1921	8.9	62.1	9.6	-	-	5.0	4.1	6.7	5.8
1922	16.6	73.6	7.2	0.2	-	8.2	3.2	-	3.2
1923	9.0	66.2	2.4	0.4	-	7.3	2.5	0.9	2.9
1924	22.3	36.9	1.4	13.8	2.8	10.4	5.0	0.4	5.2
1925	24.7	14.8	3.1	4.5	9.4	16.1	13.0	0.9	11.2
1926	45.8	-	0.8	0.4	4.6	17.6	10.9	1.3	17.1
1927	61.5	0.4	2.2	5.7	2.6	8.7	6.7	0.9	9.8
1928	59.7	0.2	2.2	1.1	3.6	10.7	8.0	0.9	11.1
1929	74.1	-	1.0	-	2.5	6.6	5.4	0.7	8.8
1930	82.9	0.3	1.0	1.0	2.6	5.1	3.3	0.4	3.5
1931	85.6	-	0.5	2.1	1.6	1.9	3.2	0.6	4.5

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel II. Uitvoerhandel in Wyn. - (Gellings)[1)]

Jaar	Verenigde Koninkryk	Mauritius	Belgies Kongo	Duitsland	Holland	Nu-Seeland	Suidwes-Afrika	Noord Rhodesië	Suid Rhodesië	Totaal Uitvoer	Waarde
1921	36,863	259,441	40,425	189	33	21,459	17,378	3,099	23,786	416,543	£116,608
1922	50,186	314,472	33,617	783	194	39,224	14,576	181	14,800	474,070	£100,226
1923	64,288	524,876	16,669	3,334	52	52,047	18,173	1,550	21,416	713,346	£122,559
1924	111,244	183,838	6,705	68,672	14,430	51,837	24,844	2,017	26,128	499,165	£ 75,377
1925	55,158	33,250	7,120	10,432	21,007	36,420	28,953	2,418	24,567	223,327	£ 43,866
1926	109,882	133	1,640	553	10,992	42,158	26,466	2,752	41,287	239,590	£ 49,928
1927	283,287	1,773	9,691	25,924	12,072	40,138	31,061	3,550	45,327	459,623	£ 81,048
1928	267,911	956	9,892	5,295	15,749	48,461	35,834	3,806	51,959	449,363	£ 83,666
1929	502,315	95	6,865	252	17,305	44,696	37,269	4,972	60,355	677,339	£112,663
1930	572,070	1,717	7,007	6,614	18,272	35,365	22,599	2,834	23,699	690,181	£124,947
1931	822,843	363	4,682	19,778	15,241	18,272	31,016	6,249	42,898	961,342	£107,589

1) Handel van die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk dat die mark vir Suid-Afrikaanse wyn in die verlede baie wisselvallig was. Die uitvoer het tussen 1917 en 1927 afgewissel tussen drie en vyf duisend lêers per jaar. In 1925-26 het dit weer baie onder die syfers gedaal. Vanaf 1927 toon die uitvoer 'n styging. Hoewel dit dan ook gedurende die laaste jare skerp toegeneem het is dit nog onder 'n tien duisend lêers per jaar.

Die handel met die Verenigde Koninkryk het baie vooruitgang gemaak omrede die spesiale pogings in Groot Brittanje aangewend. Dit het gestyg van 8.9 persent van die totaal in 1921 tot 85.6 persent in 1931. Die uitvoer van 1932 dui reeds aan dat dit die uitvoer van alle vorige jare sal oortref. Dit lyk of Suid-Afrika in die toekoms 'n vaste mark in die Verenigde Koninkryk sal vind. Indien die totale invoer van Groot Brittanje in aanmerking geneem word dan sien ons dat Suid-Afrika slegs in 'n geringe mate in die behoeftes voorsien.

Opmerklik is dit dat Mauritius, wat tot 1924 verreweg die belangrikste rol gespeel het in die wynhandel van die Unie, nou nie meer 'n mark vir Suid-Afrikaanse wyn bied nie. Die mark het verlore gegaan grootliks as gevolg van die heffing van hoëre invoerregte op die Suid-Afrikaanse produk. Tenspyte van die pogings wat reeds aangewend is kan Suid-Afrika die mark nie terug wen nie. Dit sal egter die moeite werd wees om verdere pogings aan te wend om die mark te probeer teryg wen. Mauritius het in die verlede 'n taamlike stabiele mark gebied en die moontlikheid vir 'n verdere uitbreiding is groot.

Nu-Seeland, Rhodesië en Suidwes-Afrika bied in die laaste jare 'n betreklike vaste mark vir Suid-Afrikaanse wyn. Die markte is maar klein maar dit mag nie onderskat word nie. Die markte in Rhodesië en Suidwes-Afrika kan aansienlik uitgebrei word. Nie alleen neem hulle meer en meer wyn nie, maar bied ook 'n aansienlike mark vir Suid-Afrikaanse brandewyn soos uit die onderstaande gegewens blyk.

Tabel III.[1] Uitvoer van Wyn en Brandewyn na S.W. Afrika, S. Rhodesië en N.R.

Jaar		S.W.Afrika	S.Rhodesië	N.Rhodesië	Totaal
1923	wyn	£ 5,291	£ 7,639	£ 591	
	brandewyn	£13,448	20,150	£ 831	£47,950
1924	wyn	£ 7,314	£ 8,633	£ 730	
	brandewyn	£16,578	£21,840	£ 820	£55,915
1925	wyn	£ 8,907	£ 8,569	£ 912	
	brandewyn	£18,269	£17,004	£1,380	£55,031
1926	wyn	£ 8,551	£13,712	£1,033	
	brandewyn	£18,169	£20,194	£1,746	£63,405
1927	wyn	£ 9,575	£15,132	£ 1,510	
	brandewyn	£19,713	£14,979	£ 1,632	£62,541

[1] Handel en Skeepvaart van die Unie van Suid-Afrika en Suidwes A.J.-K. 1922-1931

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1928	wyn	£11,679	£17,303	£1,502	
	brandewyn	£20,760	£14,932	£1,562	£67,738
1929	wyn	£12,222	£19,991	£1,979	
	brandewyn	£18,708	£15,917	£1,875	£70,692
1930	wyn	£ 7,195	£ 7,482	£1,120	
	brandewyn	£11,604	£ 7,440	£1,371	£36,212
1931	wyn	£31,016	£12,609	£2,365	
	brandewyn	£13,029	£11,703	£3,417	£74,139

Die afset-moontlikheid in Suid- en Noord-Rhodesië is nog duideliker as in aanmerking geneem word hoeveel Whisky ingevoer word.

Tabel IV.[1] Invoer van Whisky in Suid- en Noord-Rhodesië.

Jaar	Suid Rhodesië		Noord Rhodesië	
	Gellings	Waarde	Gellings	Waarde
1917	44,253	£30,735	6,336	£ 5,129
1918	31,529	£25,646	5,809	£ 5,470
1919	34,871	£34,774	3,643	£ 4,641
1920	49,990	£55,963	8,391	£10,962
1921	51,056	£58,793	8,362	£10,439
1922	49,792	£57,604	7,413	£ 8,773
1923	37,512	£43,788	7,029	£8,626
1924	52,337	£59,854	9,118	£11,380
1925	55,398	£63,620	9,506	£17,641
1926	61,886	£70,038	13,294	£26,884
1927	75,316	£86,190	17,241	£36,150
1928	78,459	£90,352	18,556	£37,391
1929	82,951	£93,982	23,522	£46,358

Uit die onderstaande tabel blyk dit dat die grootste aanvraa vir Suid-Afrikaanse wyn die vraag na die swaarsoorte is waarvan die uitvoer gemiddeld ruim 70 persent vir die laaste jare was. Die swaar klas wyn is ook Suid-Afrika se beste en die produksie behoort in daardie rigting gestuur te word.

Tabel V.[2] Uitvoer van Suid-Afrikaanse Wynsoorte

Jaar	Ligte Wyne		Swaar Wyne		Skuimende Wyn	
	Gellings	Waarde	Gellings	Waarde	Gellings	Waarde
1921	122,575	£33,361	290,078	£77,072	3,890	£ 6,175

1) Handel en Skeepvaart van die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, 1917.1929.
2) Handel en Skeepvaart van die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afr 1921-1929.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1922	139,708	£26,453	330,737	£67,965	3,625	£5,808
1923	151,069	£24,540	559,898	£94,311	2,379	£3,708
1924	138,417	£20,472	358,922	£52,846	1,826	£2,059
1925	55,456	£11,018	165,994	£30,057	1,877	£2,791
1926	79,322	£13,593	158,145	£33,627	2,123	£2,708
1927	141,961	£22,766	315,532	£55,826	2,130	£2,456
1928	116,346	£18,897	330,780	£62,181	2,237	£2,588
1929	206,331	£28,148	468,895	£81,797	2,113	£2,718

Tabel VI. Uitvoer van Wyn - Persentasies.

Jaar.	Ligte Wyne	Swaar Wyne	Skuimende Wyn
1921	29.4	69.6	0.9
1922	29.4	69.6	0.8
1923	21.2	78.5	0.2
1924	27.7	71.9	0.4
1925	24.7	74.4	0.9
1926	32.9	65.8	0.8
1927	30.9	68.7	0.4
1928	25.8	73.7	0.4
1929	30.4	69.3	0.3

Die Verenigde Koninkryk is die beste mark en die vooruitsigte is veelbelowend as ons in aanmerking neem dat sy totale jaarlikse invoer sowat 15,000,000 gellings is. Daar bestaan dus theoreties vir Suid-Afrika 'n kans om 'n vaste mark in die Verenigde Koninkryk op te bou vir Suid-Afrikaanse wyn. Die kwaliteit van sekere soorte b.v. die swaar wyne, is van die beste en die aanvraag na die spesiale wynsoorte moet net geskep word.

Die gemiddelde pryse van die uitvoer wyn volgens die Offisiële Jaarboek [1] van die Unie van Suid-Afrika blyk uit die onderstaande tabel.

Tabel VII Gemiddelde pryse van Uitvoer Wyn.

~~1910~~Jaar	Per Gelling	(Per Bottel)
1910	4/9	9½ d.
1911	4/7	9 1/6
1912	4/7	9 1/6
1913	4/10	9 2/3
1914	4/7	9 1/6
1915	4/4	10 2/3
1916	4/2	8 1/3
1917	3/3	6½
1918	5/2	10 1/3
1919	5/5	10 5/6
1920	7/11	15 5/6
1921	5/3	10½

1) No. 12, 1929-30

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1922	3/10	7 2/3
1923	3/4	6 2/3
1924	3/0	6
1925	3/10	7 2/3
1926	4/2	8 1/3
1927	3/6	7
1928	3/9	7½
1929	3/4	6 2/3

Die wisselvalligheid en die minvordering van die Suid-Afrikaanse uitvoer wynhandel in die verlede is toe te skrywe aan die feit dat die Suid-Afrikaanse produsent nog maar min aangemoedig is om kwaliteit wyn te produseer, en dat daar tot 1927 geen organisasie in Suid-Afrika was om die uitvoerhandel op te bou en aan te help nie. Verder was die Suid-Afrikaanse wyne nuwe en onbekende soorte waarvoor die aanvraag moes geskep word.

Die uitvoerhandel was tot onlangs nog uitsluitlik in die hande van 'n paar groot handelaars. Die K.W.V. het aan hulle die spieritus vir versterking goedkoop verskaf. Hulle het egter baie min gedoen om die uitvoer op 'n vaste voet te plaas. Hoewel die K.W.V. in die verlede baie gedoen het om die uitvoerhandel te ontwikkel is dit eers vanaf 1927 toe die K.W.V. hom regstreeks met die handel bemoei het dat daar 'n vooruitgang te bespeur is. Die afwesigheid van 'n oorsese mark en die moeilikheid en onkoste wat daaraan verbonde is om die handel op 'n vaste voet te plaas om sodoende met die gevestigde uitvoerlande te kan konkureer het die K.W.V. tot die stap gedwing.

Die handelaars het dan ook in die laaste jare op die agtergrond getree. Hulle klae dat hulle deur die K.W.V. uit die uitvoerhandel gehou word. Feite bewys dat dit nie so is nie want hulle het kontrakte met Burgoyne en Co. en Vine Products Ltd., twee van die vernaamste firmas in Engeland, gehad teen £12 per lêer terwyl hulle wyn teen £6 en £7 ingekoop het. Die K.W.V. betaal vir uitvoer wyn heelwat meer aan die produsente as die handelaars.

Die Komitee van 1928 het daarop gewys dat daar 'n mate van kontrole uitgeoefen moet word wat betref die verkoop van gefortifiseerde wyne vir uitvoer.

Die K.W.V. het al baie gedoen vir die uitvoerhandel. Groot somme geld is opsy gesit vir geboue en vate vir die opberging en rypmaak van wyn. Die Pêrelse wynkelder bied ruimte vir 23,060 lêers wyn. Die K.W.V. verkoop nou hulle wyn direk deur hulle eie organisasie in London, "The South African Wine Farmers' Association (London), Ltd." Die totale Suid-Afrikaanse uitvoer na die Verenigde Koninkryk vir 1930 was 574,070 gellings waarvan 472,500 gellings deur middel van die genoemde organisasie verkoop is. Daar word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitwerk op 6/- om meer per bottel. Met brandewyn is dieselfde. Die kosprys van die kleinhandelaars is die totale kosprys van die groothandelaars, 3/11, plus sy redelike wins. Dit werk gemiddeld op 4/6 per bottel uit. Die goedkoopste brandewyn wat die konsumente te koop kan kry is teen 5/6; gewoonlik is die prys tussen 5/6 en 7/6 per bottel. Die konsumente moet 7d. tot 9d. per glasie in die hotelle en „bars" vir brandewyn betaal. Aangesien twintig sulke glasies op 'n bottel gaan werk dit op 11/8 tot 15/- per bottel uit.

Die produsent kry 1/-, die groothandelaar 4/6 terwyl die hotel- en bottelstooreienaars minstens 11/8 per bottel brandewyn ontvang. Dit moet onthou word dat die hotels en bottelstore baie ekstra koste het. Die kleinhandelsprys moet dus veel hoër wees. Die te hoë kleinhandelsprys strem egter die afset te baie. Die restriksies moet van so 'n aard wees dat dit dronkenskap sal teëngaan sonder om die produsent en die konsument te benadeel.

Die pryse wat die produsente vir hulle produk ontvang het, was in die verlede aan groot skommelinge onderhewig. Hoewel ons nie kan sê dat dit van tyd tot tyd saamgeval het met die verskillende stadiums van die konjunktuurgolwe nie, vertoon dit tog 'n eie konjunktuurverloop wat min of meer een tot twee jaar agter is op die gewone konjunktuurgolwe.

In 'n tydperk van herlewing word dan ook meer geld aan alkoholiese dranke bestee met die gevolg dat pryse styg en gevolglik groot hoeveelhede jong wingerdstokke aangeplant word. Daar wingerd 'n meerjarige gewas is, kom sulke nuwe aanplantings eers in die volgende depressietydperk in volle drag om die pryse dan nog verder af te druk. Dit blyk al te duidelik uit die gegewens van die Cape Statistical Register.

Tabel VIII. Prysverloop van Wyn. 1884-1908.

Jaar.		1ste Klas Wyn	2de Klas Wyn.
1884		£9 - 9 - 0 per lêer	£ 5 - 11 - 0 p. lêe
1885	Depressie	£ 8 - 3 - 0 " "	£ 5 - 12 - 0 " "
1886		£ 7 - 13 - 0 " "	£ 4 - 5 - 0 " "
1887		£ 6 - 9 - 0 " "	£ 3 - 18 - 0 " "
1888	Opbloei	£ 6 - 12 - 0 " "	£ 3 - 18 - 0 " "
1889		£10 - 9 - 0 " "	£ 7 - 9 - 0 " "
1890	Goud Kriesis	£11 - 12 - 0 " "	£ 8 - 6 - 0 " "
1891	Depressie	£ 9 - 9 - 0 " "	£ 6 - 9 - 0 " "
1892	Verbetering	£ 9 - 1 - 0 " "	£ 5 - 4 - 0 " "
1893		£ 8 - 3 - 0 " "	£ 6 - 1 - 0 " "
1894	Voorspoed	£ 8 - 9 - 0 " "	£ 6 - 0 - 0 " "
1895	Terugslag	£11 - 13 - 0 " "	£ 9 - 1 - 0 " "
1896		£14 - 2 - 0 " "	£10 - 1 - 0 " "
1897	Depressie	£12 - 0 - 0 " "	£ 8 - 10 - 0 " "

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dus nie vir 'n oomblik aan die sukses van die organisasie getwyfel nie.

Die binnelandse handel in wyn en brandewyn word gedoen deur die paar groothandelaars wat direk van die produsente koop. Hulle betaal vir die stookwyn deur middel van die K.W.V. wat die prys van stookwyn op £7 - 18 - 9 vasgestel het. Die K.W.V. het egter g'n beheer oor die prys van goeie wyn nie en die handelaars kan dit teen enige prys koop. Die onderlinge verstandhouding tusser hulle is om sowat £1 - 5 - 0 meer vir goeie wyn te betaal as wat die produsente vir stookwyn by die K.W.V. ontvang. Die groothandels prys vir alle wyn is dus feitelik deur die Kontrole Wet gestabiliseer.

Die Groothandelaars verkoop aan die hotels en bottelstore. Die aantal hotels en bottelstore is genoeg om die afset tedoen. Die kleinhandelsprys is egter meestal te hoog. Daar bestaan geen rede waarom die verbruikers soveel moet betaal nie. Hierdie hoë kleinhandelsprys strem net die handel onnodig. Dit is ook baie moeilik om die prys af te bring want liksensies word moeilik verkry. Ander faktore wat die verkoop strem, is volgens die Government Commission Report van 1909 as volg: "The number of hotels or licenced premises is sufficient to deal with the trade, but unfortunately the tied house system prevails and seventy percent of licenced houses, exclusive of bottle stores, are controlled or "tied" by breweries or wholesale wine and spirit merchants. This has been the cause of much restriction in trade, as these wholesale firms usually represent overseas wine and whisky firms whose product it was more profitable for them to handle than the colonial article." Die hotelle neem ook oor die algemeen 'n veel hoër wins op wyn en brandewyn as op die bier en whisky. Daar is natuurlik nog baie ander restriksies van owerheidsweë wat die afset strem soos b.v. die sekere of bepaalde ure wat drank verkoop mag word. Daar bestaan egter g'n rede waarom die kleinhandelaars sulke hoë profyte moet neem nie.

Die groothandelaars koop teen 1½ d. per bottel en hulle koste wat betref spieritus vir fortifikasie ens. is ongeveer ½d. Hulle totale kosprys is dus sowat 4½ d. Gemiddeld neem hulle 12% profyt, met ander woorde hulle verkoop aan die hotels en bottelstore vir sowat 5 d. per bottel. Die goedkoopste gefortifiseerde wyn is Kantien Sherry wat teen 1/- per bottel verkoop word. Port en Sherry word in die bottelstore verkoop vir 2/- tot 4/6 per bottel. Die hotels en „bars" verkoop die wyn teen ongehoorde prysse wat verskil van plek tot plek. Reisigers klaag altyd dat hulle dit nie kan bekostig om soveel vir wyn te betaal nie.

Die „bars" en hotels wat by die kleinmaat verkoop, neem nog hoër profyte. Hulle verkoop teen sespennies per glasie wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1898		£13 - 0 -0 per lêer	£ 8 - 18 - 0 per lêer
1899	Opbloei	£10 - 8 -0 " "	£ 7 - 19 - o " "
1900		£16 - 12 -0 " "	£11 - 6 - 0 " "
1901	Boere Oorlog	£14 - 15 -0 " "	£10 - 14 - 0 " "
1902	Periode	£14 - 12 -0 " "	£10 - 13 - 0 " "
1903	Na Oorlogse	£23 - 3 -0 " "	£15 - 16 - 0 " "
1904	Terugslag	£16 - 8 -0 " "	£10 - 7 - 0 " "
1905	Depressie in	£27 - 15 -0 " "	£17 - 17 - 0 " "
1906	Suid-Afrika	£ 9 - 8 -0 " "	£ 6 - 3 - 0 " "
1907	Voorspoed in die	£ 8 - 6 -0 " "	£ 4 - 19 - 0 " "
1908	meeste buitelande	Pryse daal tot £3 - 0 - 0	

Na 1910 het pryse weer gestyg tot £8 - 0 - 0 in 1914 Om weer tot £2 - 10 - 0 in 1917 te daal. Na 1917 was pryse meer stabiel behalwe dat dit in 1920 tot£30 - 0 - 0 gestyg het. Nadat die K.W.V. in 1924 die beheer oor stookwyn gekry het toon die pryse egter die neiging om ook weer te daal. Maar dit is veel meer stabiel as wat die geval, in die afwesigheid van die K.W.V., sou gewees het.

Die onderstaande tabel toon aan die gemiddelde pryse van „goeie" wyn sowel as van stookwyn wat die boer regtig ontvang het.

Tabel IX. [1] Prysverloop van wyn 1918-1932.

Jaar.	„Goeie" Wyn	Stookwyn.
1918	£ 6 - 0 - 0 per lêer	£ 4 - 15 - 0 per lêer
1919	£ 6 - 0 - 0 " "	£ 4 - 15 - 0 " "
1920	£20 - 0 - 0 " "	£10 - 0 - 0 " "
1921	£ 4 - 5 - 0 " "	£ 3 - 0 - 0 " "
1922	£ 4 - 5 - 0 " "	£ 3 - 0 - 0 " "
1923	£ 4 - 5 - 0 " "	£ 3 - 0 - 0 " "
1924	£ 5 - 10 - 0 " "	£ 4 - 4 - 8 " "
1925	£ 6 - 0 - 0 " "	£ 4 - 15 - 3 " "
1926	£ 6 - 0 - 0 " "	£ 5 - 0 - 6½ " "
1927	£ 6 - 0 - 0 " "	£ 5 - 0 - 6½ " "
1928	£ 6 - 0 - 0 " "	£ 5 - 0 - 6½ " "
1929	£ 6 - 0 - 0 " "	£ 4 - 13 - 3 " "
1930	£ 5 - 5 - 0 " "	£ 3 - 19 - 4½ " "
1931	£ 4 - 16 - 6 " "	£ 3 - 11 - 5¼ " "
1932	£ 4 - 8 - 6 " "	£ 3 - 3 - 6 " "

As gevolg van die oorproduksie daal die produsenteprys betreklik skerp. Waar die produsent onder die huidige omstandighede minder as 1½ d. per bottel vir „goeie" wyn ontvang, is die eis geregverdig dat die konsumenteprys ook verlaag moet word. Die kleinhandelsprys is niks anders as nadelig vir die produsent sowel as die konsument.

1) K.W.V. boeke en groothandelaars.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VI.

POGINGS EN VOORSTELLE TOT STABILISEERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WYNBEDRYF.

Die aandag is daarop gevestig dat daar 'n neiging bestaan vir pryse om te skommel met die verskillende stadiums van die konjunktuurgolwe. By wyn is daar ook feitlik 'n afsonderlike konjunktuurbeweging as gevolg van oeste, politieke en ander gebeurtenisse. Die wynpryse was dan ook in die verlede baie onderhewig aan sulke skommelinge.

In 1917 was pryse so laag dat die K.W.V. opgerig is. Die doel van die oprigting was dan om 'n mienimum prys vir wyn vas te stel en sodoende 'n meer stabiele mark vir die produsente te verseker. 'n Minimum prys van £4 - 15 -0 per lêer is in 1918 vasgestel waarteen die wynhandelaars gewillig was om te koop. Pryse het in die bloei tydperk van 1919-20 gestyg tot 'n gemiddelde van £18 - 10 - 0 om weer in die depressie periode van 1921 tot £3 - 0 - per lêer te daal. Selfs teen díe vasgestelde prys was die oorskot so groot dat baie stookwyn vernietig moes word. 'n Maksimum prys sou in díe geval feitlik beter gewees het as 'n mienimum prys maar die produsente sou dit nooit toegelaat het nie.

As voorsorgmaatreel teen 'n moontlike oorproduksie van wyn het die K.W.V. 'n bonus van ½ d. per pond op die produksie van rosyntjies gegee. Die Bonus is later verander en vermeerder tot 1 d per pond op rosyntjies wat uitgevoer word. Dit het nie alleen die produksie aansienlik vergroot nie, - sien tabel 19, maar ook die uitvoer baie laat toeneem soos uit die onderstaande tabel blyk.[1)]

Tabel X. Uitvoer van Rosyntjies.

Jaar.	Lbs.	Waarde
1921	6,983,515	£179,599
1922	11,878,355	£249,412
1923	5,336,884	£ 87,057
1924	4,666,015	£ 93,144
1925	4,092,961	£56, 782
1926	4,952,626	£65, 883
1927	3,613,931	£73, 191
1928	5,749,669	£98, 320
1929	2,777,145	£47, 142

1) Offisiele Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika 1929-30

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gedurende die jare 1921-29 is daar dus 50,051,401 pond rosyntjies ter waarde van £950,530 uitgevoer. In 1930 is 1,550 ton rosyntjies uitgevoer en die K.W.V. het reeds alles tesame meer as £ 200,000 aan bonusse uitbetaal.

In Suid-Afrika is daar nie 'n behoorlike afset nie tenspyte van die pogings wat die Koöperatiewe Droëvrugte Maatskappy alreeds aangewend het. Suid-Afrika produseer slegs 3,000 ton per jaar terwyl Australië jaarliks 30,000 ton rosyntjies uitvoer. Suid-Afrika voer selfs nog rosyntjies in. Verder is in 1928 ook 162,500 pond droë vye ingevoer. Dit is egter die groot hoeveelhede ingevoerde goedkoop dadels wat die handel in rosyntjies so dood druk n.l. 1,744 en 1,605 ton wat in 1928 en 1929 respektiewelik ingevoer is. Omdat die prys van rosyntjies so laag is en omdat die produsente nie van 'n vaste prys verseker is nie, produseer hulle liewers wyn as rosyntjies.

In 1929 het die K.W.V. alles in hulle vermoë gedoen om 'n uitweg vir die surplus te vind. 'n Poging is aangewend om motorbrandstof te stook maar dit het op 'n mislukking uitgeloop.

In 1924 was die K.W.V. verplig om hulle toevlug na die Regering te neem. Hulle wou kontrole oor die beheer van alle wyn gehad het; maar hulle het slegs kontrole oor alle stookwyn verkry. 'n Mienimum vir stookwyn is vasgestel op £7 - 18 - 9 - 'n sogenaamde "fair price basis." Die bedoeling was om aan al die produsente 'n bestaanbare prys te verseker. Dit was miskien 'n lofwaardige voorneme, maar sake het op 'n mislukking uitgeloop. Aangesien die produksiekoste veel laer was, het dit die produksie baie aangemoedig, want dit is 'n prys wat glad te hoog is vir stookwyn. Die ekonomiese wette kan nie verstoor word nie en teen 'n prys veel hoër as wat die ekonomiese prys vir die produk regverdig, moes die produksie toeneem. Die hoë prys is sonder twyfel die direkte oorsaak van die huidige oorproduksie. Enige lid mag soveel produseer as hy maar wil, afgesien van kwaliteit.

Vandag sit die K.W.V. met 'n geweldige oorproduksie waarvan 80 persent uit stookwyn bestaan. Dit moes bepaal gewees het dat teen so 'n prys 'n sekere persentasie van 'n produsent se produksie goeie wyn moet wees. Dit moet erken word dat as die produsente verplig was om slegs goeie stookwyn te produseer dan sal die produksie glad nie so snel toegeneem het nie. Meer aandag moes dan aan die maak van wyn gegee geword het instede van steeds meer en meer wingerde aan te plant. Dit was verder 'n verkeerde beleid van die K.W.V. om overals stokerye op te rig, want een sentrale stokery sal genoeg gewees het. Die produsente sal dan kelders moes gebou het asook self die vrag op wyn moes betaal het. Dit sou nog verder die geweldige uitbreiding van produksie teen gegaan het.

Die „fair price basis" was eenvoudig te hoog vir stookwyn,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nog meer: te hoog vir swak kwaliteit stookwyn. Die verskil in prys vir „goeie"wyn en stookwyn moes baie hoër gewees het. Selfs vandag nog is daar nie juis 'n aanmoediging vir die produksie van „goeie" wyn nie. Die verskil in prys tussen goeie stookwyn en stookwyn van 'n swak kwaliteit is te gering. Die vlugtige suur word maar sedert 1931 in aanmerking geneem. Ook hier is die onderskeid in prys so gering dat dit nie juis die oorskot spieritus in die minste sal kan verminder nie.

Die K.W.V. besef dat die posiesie haglik is maar hulle wil gladnie erken dat hulle beleid 'n verkeerde was nie. Op 'n monstervergadering van wynprodusente is 'n komitee gekies om ondersoek in te stel na 'n moontlike uitweg. Die bevindings van die komitee was onder andere dat daar oorproduksie is en dat daar beperking van aanplanting moet wees. Op 'n twede monstervergadering is die besluite van die gekose komitee aangeneem. Wetgewing vir hierdie doel is egter nie by die Parlement verkry nie. Tans is die direkteure weer besig om 'n ander uitweg te soek.

'n Oplossing vir die vraagstuk is dan ook die vernaamste onderwerp van bespreking in die Westelike Provinsie. Van verskillende kante het al voorstelle gekom. Hoewel baie van die voorstelle ekonmies mooi lyk is hulle egter prakties onuitvoerbaar. Ons wil dan ook nou die aandag by 'n paar bepaal en op die onuitvoerbaarheid daarvan wys.

Diegene wat nog die mening toegedaan is dat beperking van aanplanting die enigste redmiddel is, baseer hulle argumente op die feit dat Frankryk aanplanting beperk het. Hulle vergeet egter dat daar in die laaste paar jaar soveel wingerd aangeplant is dat so 'n beperking van nul en geen waarde sal wees nie. Dit sal slegs die surplus van die toekoms konstant hou; inteendeel die produksie sal nog al groter word deur die stokke wat nog in drag moet kom.

Die administrasie koste aan so 'n skema verbonde sal ook so hoog wees dat dit onekonomies sal wees. Dit sal ook buitendien waarskynlik aanleiding wees tot 'n intensiewer bewerking en dus 'n groter produksie aanmoedig. Wat meer is, is dat aanplanting vir 'n tydperk van drie jaar, volgens genoemde voorstel, moet stop gesit word. Die gevolg sal wees dat na die tydperk weer op groot skaal sal aangeplant word want dit spreek vanself dat een 'n prys hoër as produksiekoste meer en meer geproduseer sal word, juis omdat die prys van stookwyn hoër is as die ekonomiese prys sowel as die pryse van die orige produkte van die wingerdstok.

Die kleiner produsente wil graag sien dat elke produsent 'n prys per lêer sal ontvang wat sal daal na mate die grootte van die produsent se produksie. Dit kom daarop neer dat elkeen 'n prys moet ontvang wat omgekeerd proportioneel is tot die hoeveelheid wat hy bydra tot die oorproduksie. Dit is niks minder as billik nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

want hoe groter die oorskot des te laer die prys per lêer. Die groot produsente sal egter nie hiermee eens wees nie want hulle sal vir die laaste lêers 'n prys ontvang wat baie laer as die produksiekoste sal wees. Gestel die prys van die eerste lêer is £5 - o - o en dat dit dan met 'n sikspens daal dan sal die prys van die agtereenvolgende lêers as volg wees:

1ste	lêer	£5 - 0 - 0
25ste	lêer	£4 - 8 - 0
50ste	"	£3 -15 - 6
75ste	"	£3 -13 - 0
100ste	"	£2 -10 - 6

ens.

Dit sal 'n probleem wees om die prys van die eerste lêer vas te stel. Dit kan nie te hoog en ook nie te laag vasgestel word nie. 'n te lae prys het die gevolg dat die produksiekoste prys te gou bereik word. Indien die prys aanvanklik te hoog gestel word, sal die produsente van tafeldruiwe en rosyntjies 'n deel van hulle produk in wyn omsit om sodoende 'n maksimum inkome te verkry. Die totale produksie sal dan moontlik nie ingekrimp word nie. So 'n skema sal alleen op stookwyn kan toegepas word anders sal die produksie van „goeie" wyn teengegaan word, en dit mag nie wees nie. Die onderverdeeling van plaaseiendomme sal met so 'n skema ook moeilik verhinder kan word. Dit sal waarskynlik lei tot 'n groter aantal kleiner produsente. Daar is heelwat voordele aan so 'n skema verbonde maar dit weeg gladnie teen die nadele op nie.

Die wisselskaalprysskema wat berus op 'n lêer-basis, is feitlik soos die bogenoemde skema. Dit kom daarop neer die produsent

wat tussen	1-25	Lêers	pars	'n	gemiddelde	prys	van se	£5 - 0 - 0
"	25-50	"	"	"	"	"	"	£4 - 0 - 0
"	50-75	"	"	"	"	"	"	£3 -0 - 0
"	75-100	"	"	"	"	"	"	£2 -10 - 0
"	100-125	"	"	"	"	"	"	£2 - o - 0

ens. per lêer sal ontvang.

Hierdie skema sal nie alleen onprakties wees nie, maar dit sal ook g'n oplossing vir die vraagstuk wees nie.

'n „Wisselskaal"-prysskema wat op 'n persentasie-basis bereken moet word b.v. £5 per lêer vir die eerste 25 persent van die produksie, £4 per lêer vir die twede 25 persent ens., sal ook nie die oorproduksievraagstuk oplos nie want die gemiddelde prys per lêer vir elke produsent sal altyd gelyk bly.

Die skema moet ook op die stookwyn produsent se omvang van produksie bereken word. Die produsente sal dus eers standaard oeste moet produseer sodat so 'n berekening vasgestel kan word. Dit sal dus g'n onmiddelike oplossing wees, want die produksie van standaard oeste sal tyd neem, en gevolglik sal so 'n skema eers na

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n paar jaar inwerking gestel word. Dan is daar nog nuwe aanplantings wat maklik so kan ingerig word dat as die persentasie bereken is, die res maklik in ander vorms omgesit kan word. Die gevaar van onderverdeling van eiendomme word hier uitgeskakel. Die prys of die persentasie sal egter gedurig verander moet word want die doel is tog om so 'n prys vas te stel dat dit nie betalend is om 'n sekere gedeelte te produseer nie. Indien die kwota op stookwyn, „goeie" wyn, rosyntjies, tafeldruiwe ens. bereken moet word, dan sal ons voor oneindig baie moeilikhede te staan kom. Die K.W.V. het ook slegs beheer oor die stookwyn en nie oor die orige produkte van die wynstok nie.

X Omdat dit veral die oorproduksie van stookwyn is wat die moeilikheid gee, en omdat daar min hoop bestaan dat die aanvraag na dié produk kan toeneem is die sogenaamde „ Rasionaalisasieplan" aan die hand gegee. Die oogmerk van die plan is om die 50 persent oorproduksie van stookwyn te verwyder. Daar is egter baie kapitaal in die bedryf belê wat alleen met groot verliese onttrek kan word. Die produsente wat gewillig is om hulle produksie te halveer moet dan dieselfde totale prys vir hulle produksie ontvang d.w.s. diegene wat hulle produksie inkrimp van sê 100 lêers na 50 lêers moet nou vir vyftig lêers dieselfde prys ontvang as vir die ~~selfde~~ oorspronklike produksie van honderd lêers. Elke produsent kan dus sy produksie inkrimp as hy wil. Die wat dit doen kan niks verloor nie. Dit sal dan ook die geval wees want as aangeneem word dat £2 die produksiekoste per lêer is, dan spaar die honderd-lêer produsent nie alleen £100 aan produksiekoste nie, maar hy kan ook die orige grond vir ander produkte ekonomies aanwend. Bowedien sal die produsent wat sy produksie halveer miskien minder vatwerk ens. nodig hê.

Vir hierdie skema is nie wetgewing nodig nie en die oorskot sal ook nie in die toekoms geproduseer word nie. Die „rasionalisasie" plan van die stookwynbedryf berus op 'n ekonomiese optimumproduksie en vir elke produsent moet 'n kwota vasgestel word. Aanplanting word ook nie beperk nie want die kwota sal, volgens die voorstel, bereken word op die verskillende klasse van wingerde n.l.

1. Wingerde wat in volle drag is en reeds in die verlede normale oeste gelewer het.
2. Jong aangeplante wingerde wat nog nie in volle drag is nie en derhalwe nog nie in die verlede 'n normale oes gelewer het nie.
3. Wingerde wat nog in die toekoms aangeplant mag word.
4. Wingerde wat in die verlede nie-stookwyn gelewer het b.v. tafeldruiwe.

Hierdie skema lyk ekonomies baie mooi want die stookwynprodusente sal 'n maksimum-inkome kry. Van nader beskou blyk dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat die skema onbillik sal wees. Al die produsente sal nie die helfte van hulle wingerde uitkap nie. Sommige sal verkies om die helfte van hulle produksie in ander vorms op die mark te sit. Hulle is nou reeds vergoed vir die deel van die produksie en sal te maklik konkureer met ander nie-stookwyn produsente, want hulle sal bemark, afgesien van prys. Die skema berus ook op die veronderstelling dat die vraag na „goeie" wyn konstant sal bly of sal uitbrei en dat die produksie van stookwyn nie te vinnig sal toeneem nie as gevolg van nuwe produsente. Die skema is baie ingewikkeld en sal nie in die praktyk kan toegepas word nie. Dit sal ook 'n te hoë administrasiekoste vereis.

Tans is weer 'n nuwe plan aan die hand gegee wat ook beoog die verwydering van die oorskot van stookwyn. Dit wys daarop dat die oorproduksie daar is as gevolg van 'n te hoë prys vir stookwyn. Die oorproduksie is nie alleen 'n verlies vir die produsente nie maar ook vir die K.W.V. Die stookwyn moet in ander vorms omgesit word. Indien die pryse van die ander produkte van die wingerdstok verhoog word dan sal meer en meer druiwe in nie-stookwyn vorms omgesit word. Nuwe aanplantings sal voortaan so ingerig word dat dit vir ander produkte as stookwyn geskik sal wees. Daar moet dus 'n prys vir stookwyn vasgestel word wat min of meer gelyk sal wees aan die ekonomiesé prys vir die produk. Die prys moet so wees dat dit laer sal wees as die prys van ander produkte van die wingerdstok, en die produsente sal aanspoor om hulle druiwe in ander produkte as stookwyn om te sit. Die pryse van die ander produkte van die wingerdstok moet vir hierdie redes verhoog word en wel as volg:[1)]

(a) 'n Subsidie van 1½d. per pond op uitgevoerde rosyntjies.
(b) 'n Subsidie van £2 per ton op alle vars druiwe.
(c) 'n Subsidie van £2 - 10 - 0 per lêer op wyn wat uitgevoer word.
(d) 'n Vergoeding van £2 per lêer vir die verwydering van wingerde.

Die argumente waarop die nuwe plan berus, is dat die produsente van rosyntjies vandag sowat £2 - 10 - 0 per lêer vir hulle produk ontvang, en derhalwe verkies om stookwyn te produseer. Die £2 - 10 - 0 per lêer vir rosyntjies is bereken volgens die hoeveelheid stookwyn wat daaruit gewen kan word. Die voorgestelde bonus op rosyntjies werk uit op £1 - 10 - 0 per lêer. Dus as die produsente £4 - 0 - 0 kry, sal hulle oorgaan tot die produksie van rosyntjies. Meer vars druiwe sal ook op die binnelandse markte kom en druiwepryse sal afgedruk word. Die afgedrukte prys plus £2

1) Die subsidies moet betaal word om die produsente vir die ekstra koste te vergoed, b.v. £1 vir die droogmaak van rosyntjies, en om die pryse wat sal daal weens die groter aanbod te verhoog b.v. £2 per ton op vars druiwe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

per ton bonus sal egter hoog genoeg wees om die produsente te vergoed. Om die oorskot nog verder te verminder, is dit nodig dat 'n premie aan produsente betaal sal word wat gewillig is om hulle produksie in te kort deur die verwydering van stookwynwingerde. Die vergoeding, volgens die plan, moet betaal word solank as wat nie meer aangeplant word nie en ook nog vir drie jaar nadat weer nuwe aanplantings gemaak is d.w.s. totdat die wingerde weer begin om oeste te lewer.

Hiervoor is nodig 'n sentrale beheer oor die hele wynbedryf. Die subsidies en vergoeding moet deur die K.W.V. uit die sogenaamde „bargaining"-fonds betaal word d.w.s. met die geld wat die K.W.V. vandag gebruik om die bestaande oorproduksie te beveg n.l. die oorskot maal die prys van stookwyn - £3 - 3 - 6 x 53,000. Die subsidie op „goeie" wyn wat uitgevoer word moet betaal word uit die fonds wat op stookwyn ontstaan het en/of 'n heffing op die gedeelte van goeie wyn wat in die binneland verkoop word. Die heffing van b.v. £1 per lêer sal 'n fonds in die lewe roep wat gelyk sal wees aan die hoeveelheid lêers wat in Suid-Afrika verbruik word. As b.v. die aanvraag na goeie wyn vir Suid-Afrikaanse gebruik 30,000 lêers is, dan sal 'n fonds van £30,000 tot stand kom wat meer as genoeg is vir 'n subsidie van £2 - 10 - 0 per lêer op die uitgevoerde wyn.

Die skema is feitlik in alle opsigte ekonomies kern-gesond. Die voordele daaraan verbonde is groot maar die toepassing sal sekerlik nie te maklik gaan nie. Dit moet onthou word dat in baie jare die klimaat vanself al boere sal verplig om stookwyn te produseer, en die toevlug na stookwyn in menige jaar sal moet geneem word.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die K.W.V. sy bes probeer het om die bedryf te stabiliseer, maar dat die berekenings nie so uitgeloop het soos verwag was nie. Die skemas aan die hand gegee, is ekonomies maar prakties feitlik onuitvoerbaar. Daar moet ander, makliker en doeltreffender oplossings gevind word wat prakties beter en met sukses kan toegepas word.

-----oOo-----

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VII.

SLOT.

Uit die voorgaande besprekings blyk dit dat die gemiddelde produksie van wyn vir die laaste vyf jaar 141,655 lêers was - sien tabel 20. Daar is ook op gewys dat slegs sowat 31,000 lêers in die vorm van „goeie" wyn opgeneem word. Die uitvoer is gering en slegs sowat 25,000 lêers word in Suid-Afrika as „goeie" of tafelwyn verbruik. Ruim 110,000 lêers gaan jaarliks in die stookwyn-"pool" waarvan die wynhandelaars in 1931 slegs 53,000 lêers opgeneem het. Daar bly dus jaarliks 'n oorskot van ongeveer 'n 60,000 lêers wat die K.W.V. tot spieritus moet verstook. Tot dus ver kon Suid-Afrika nog nie 'n mark vir sy brandewyn vind nie. Die konsumpsie toon ook die neiging om af te neem. Die oorskot word dus al groter en as gevolg van die oorproduksie daal die pryse. Die produksie daarenteen neem nog steeds toe. Die posiesie is baie krétiek en die produsente word met ondergang bedreig. Dit is absoluut noodsaaklik dat maatreëls toegepas moet word wat die regte uitwerking sal hê. Daar is egter nie eenstemmigheid by die produsente oor wat gedoen moet word nie.

Verminderde produksie, vermeerderde binnelandse verbruik, verwerking van druiwe tot ander produkte as wyn, die afset van die oorproduksie in ander lande skyn moontlike uitweë te wees vir die Suid-Afrikaanse wynbedryf.

Indien die afset van die oorskot wyn in ander lande die aangewese uitweg is, sal die buitelandse markte ontwikkel moet word. Dit moet onthou word dat tenspyte van die baie pogings wat alreeds aangewend is, die buitelandse mark baie beperk is weens die gebrek aan smaak by die publiek vir Suid-Afrikaanse wyn. Die eerste, twede en miskien die derde uitweg skyn die meeste kans te bied. Ons wens dus op hulle in te gaan en die uitvoerbaarheid daarvan te bewys.

Dit is nie seker dat „goeie" wyn juis 'n mark sal vind nie maar 'n surplus van „goeie" wyn sal in elk geval nie sulke verreikende gevolge hê as 'n surplus van stookwyn nie. Daar moet dus so min as moontlik stookwyn geproduseer word. Die stookwyn wat eintlik vir die oorproduksie verantwoordelik is, is grotendeels van 'n swak kwaliteit, Die druiwe moet dus tot ander produkte as wyn verwerk word om so min as moontlik as stookwyn op die mark gesit te word. Die uitvoerhandel in rosyntjies lyk alles behalwe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

baie rooskleurig. Waar dit moeilik of onmoontlik sal wees om die druiwe in ander produkte om te sit moet sulke wingerde indien moontlik, deur tafeldruiwe vervang word. Die moontlikheid vir hierdie tak van die bedryf is groot en die produkte sal altyd 'n mark vind, hetsy plaaslik of buitelands.

Onthou moet word dat ons hier te doen het met 'n weeldeartiekel, 'n „agricultural speciality", waarvan die gehalte of kwaliteit van die grootste belang is. Die produsente sal hulle op die produksie van „goeie" wyn moet toelê.

Die uitweg om van die oorskot en oorproduksie ontslae te raak sal wees, soos by alle ander produkte, om te sorg dat die swakste kwaliteit nie op die mark kom nie. Die kwaliteit van „goeie" wyn moet nog verder verbeter word en die produsente moet hulle slegs op die beste kwaliteit van die verskillende wynsoorte toelê. Dit behoort vir die produsente duidelik te wees en hulle moet dit in alle erns opneem. Die K.W.V. behoort handelend op te tree. Die ekonomiese wette kan nie oor die hoof gesien word nie en op die lange duur sal 'n produsent niks meer ontvang as wat die ekonomiese prys vir die produk regverdig nie. Oorproduksie beteken 'n verlies en sake sal nie meer te lank so kan aanhou nie. Dit sal daarop uitloop dat die wynbou in duie sal val ten nadele van die hele industrie. Betaling moet volgens kwaliteit geskied.

Dit word dus aan die hand gegee dat die K.W.V. die vlugtige suur in aanmerking moet neem en betaling daarvolgens laat geskied. Hiervoor is nie wetgewing nodig nie en dit sal g'n of feitelik g'n ekstrakoste meebring nie. Die vlugtige suur in wyn ontstaan met die gisting en later, maar dit hang hoofsaaklik af van die produsent se kelder en die kwaliteit van die druiwe. Dit is onmoontlik om „goeie" wyn en goeie stookwyn te produseer as die druiwe baie vrot, en die kelder en die bewerking slordig is. Sedert die laaste jaar betaal die K.W.V. die volle prys by 1.4 per mille vlugtige suur. Die onderskeid wat gemaak word as wyn meer vlugtige suur bevat is om die prys vir elke addisionele punt met twee persent af te bring. Die betaling is dus as volg:

Wyn	met	1.4	per	mille	vlugtige	suur	100%
"	"	1.5	"	"	"	"	98%
"	"	2.0	"	"	"	"	88%
"	"	2.5	"	"	"	"	78%
"	"	3.0	"	"	"	"	68%
"	"	3.5	"	"	"	"	58%
"	"	3.9	"	"	"	"	50%
"	"	hoër	"	"	"	"	50%

Indien die prys van 1932 as voorbeeld geneem word dan sal die produsent van goeie stookwyn £3 - 3 - 6 per lêer ontvang en die produsent van wyn van 3.9 per mille vlugtige suur £1 - 11 - 9

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

per lêer. Deskundiges is van oordeel dat die gehalte van vlugtige sure in wyn, bestem vir brandewyn fabrikasie, tussen 0.5 en 1.1 per mille moet lê. Ons sien dus die noodsaaklikheid om tot 'n beslissing te kom oor die grootste gehalte van vlugtige sure wat in stookwyn toegelaat kan word.

Die prys kan op basis van 1.4 per mille bereken word maar dan moet dit baie skerper daal sodat by 2.0 per mille vlugtige suur dit nie meer sal betaal om sulke wyn te produseer nie. Wat meer is, vir slegte stookwyn moet g'n vergoeding betaal word nie en die K.W.V. moet die reg hê om sulke wyn te kan vernietig. Dit sal ons verbaas om te weet hoeveel minder wyn dan op die mark sal kom. Dit sal dan sekerlik g'n sprake van 'n oorproduksie wees nie. Daar is geen rede waarom die K.W.V vir wyn moet betaal waarmee niks gedoen kan word nie. Geen wonder dus dat die spieritus so ophoop en dat daar nie 'n mark vir Suid-Afrikaanse brandewyn bestaan nie. Die produsent moet leer dat hy alleen vir kwaliteit 'n redelike vergoeding kan verwag.

Dit mag miskien aangevoer word dat die K.W.V. nie al die stookwyn dadelik kan ontvang nie en dat by die tyd van ontvangste te veel wyn vernietig sal moet word. Hier kan net bygevoeg word dat die vlugtige suur slegs geleidelik toeneem na mate die wyn ouer word. Die K.W.V. sou ook die wyn vooraf kan laat toets sonder onnodige groot onkoste. As so 'n skema aanvaar word, sal dit die K.W.V. betaal om dit te doen. Dit is billik dat die produsente die onkoste self behoort te vergoed omdat hulle dan die onnodige ryloon op die swak kwaliteit wyn gespaar sal word.

Indien tot hierdie maatreël oorgegaan word, sal beperking van aanplanting nie nodig wees nie. Dit sal indirek stopgesit word want niemand sal gaan aanplant as hy nie seker is dat 'n kwaliteitsproduk geproduseer kan word.

Deur middel van die volgende gegewens wil ons op die winsgewendheid van die kweek van uitvoerdruiwe wys. Na aanleiding van die voorbeeld van A.I.Perold in sy „A Treatise on Viticulture" het ek die voorbeeld uitgewerk. Die koste van die opleigereedskap en pakmateriaal is bereken volgens die pryslys van die Western Province Fruit Growers' Association. Die koste van produksie sal verskil van produsent tot produsent maar dit sal hoofsaaklik afhang van die prys van grond. In hierdie voorbeeld neem ons aan dat die grond 30 duim diep omgewerk word, dat die stokke vyf voet by sewe voet wyd geplant is en dat elke vyf stokke een kissie uitvoerdruiwe lewer. Verder dat die wingerd vir 33 jaar sal hou en dus 30 oeste kan lewer. Die koste word dan oor so 'n periode versprei. Dit kan dus as volg bereken word:

<u>Koste van aalê van Wingerd.</u>

Koste om een morg grond te dolwe	£30 - 0 - 0
Prys van 2500 wingerd stokke	£15 - 0 - 0

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oplei gereedskap		£27 - 0 - 0
	Totaal	£72 - 0 - 0

Hierdie bedrag teen 5 persent samegestelde rente vir 33 jaar word uitgewis deur 30 jaarlikse paaiemente van £12 - 2 - 8.

Indien aangeneem word dat die druiwe in Paarl gewen word en dat die kosprys van die morg grond £100 is, dan sal die kosprys plus die samegestelde rente teen 5 persent vir dieselfde tydperk gedek word deur 30 paaiemente van £16 - 13 - 10 elk. Die koste van produksie sal dus as volg wees:

Rente en delgingsfonds op koste van aanleg	£12 - 2 - 8
" " " " kosprys van grond	£16 -13 -10
Bewerkings koste per jaar	£ 1 - 0 - 0
Bemestings koste per jaar	£ 4 - 0 - 0
Snoei, top, ens. per jaar	£ 8 - 0 - 0
Koste van siektebestryding	£ 3 - 0 - 0
Depresiasie van gereedskap in gebruik	£ 2 - 0 - 0
Totaal	£36 -16 - 6

As hierby £20 ingesluit word as vergoeding vir die eienaar dan is die koste van produksie vir 500 kissies £56 - 16 - 6 voordat die druiwe gepluk kan word. Die produksiekoste van een kissie druiwe tot dusver werk dan uit op 2/3. As veronderstel word dat die druiwe op die buitelandse mark teen 10/- per kissie verkoop word dan is die totale koste as volg:

Pluk en pak koste per kissie	3 d.
Pakmateriaal vir een kissie	6 d.
Transportkoste	2/6
Kommissie, 7½% op 10/-	9 d.
Totaal	4/-

Die totale onkoste per kissie druiwe, insluitende koste van produksie sowel as bemarkingskoste, is dan 6/3. Dit laat dus die produsent 'n netto wins van 3/9 op elke kissie, met ander woorde 'n totale netto inkome van £92 - 5 - 0 per morg. Dit is voorwaar 'n uitstekende inkome. Die ~~binne~~buite-landse mark was nog altyd in die verlede goed en pryse is betalend. Indien pryse laer is sal die netto-inkome natuurlik minder wees. Die gemiddelde prys vir S.A. Gros Colman en Almeria vir die afgelope tien jaar bewys dat pryse nog altyd bevredigend was en gemiddeld hoër as 10/- per kissie was.

Tabel 1. [1] Gemiddelde prys vir Druiwe.

Jaar	Gros Colmon	Almeria
1920-21	21.0/-	-

1) van Wyk, S.P.: Die uitvoer van Suid-Afrikaanse Somer Vrugte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1921-22	19.5/-	-
1922-23	13.5/-	12.0/-
1923-24	18.0/-	14.0/-
1924-25	12.0/-	20.0/-
1925-26	13.0/-	12.0/-
1926-27	9.0/-	10.0/-
1927-28	11.0/-	16.0/-
1928-29	7.4/-	8.0/-
1929-30	11.0/-	9.0/-

Die inspeksie by die dokke sal egter strenger moet gemaak word met die oog op 'n groter uitvoer.

Die Suid-Afrikaanse wyn is oor die algemeen te swaar. Die verbruik van wyn van 7 persent tot 10 persent alkohol deur die vastelandse werkende klas is enorm. Dit word in die plek van water of tee gedrink. Die oorskot wyn in Suid-Afrika kan, as dit lig genoeg is, deels gebruik word vir ligte wyn vir die plaaslike verbruik. Die produksie van druiwesap word reeds aangemoedig. Dit is 'n heerlike koeldrank en die suiwer produk van die druiwe. Die vooruitsigte vir druiwesap skyn baie groot te wees. In 1932 het die K.W.V. reeds 800 lêers so verwerk. Die hoeveelheid wat in die Kaapse Skiereiland aangebied is, was binne 'n tydperk van een maand verkoop. Tans is die K.W.V. besig om 'n gebou op Worcester op te rig om 7,000 lêers van die 1933 oes so te verwerk. Die binneland sien uit na die druiwesap en die mening is dat die produksie elke jaar vergroot sal moet word. Die surplus sal dus op hierdie manier in die toekoms aansienlik verlaag word.

Wat die afset van wyn en brandewyn in Suid-Afrika betref is al daarop gewys dat die toestand baie onbevredigend is. Die binnelandse mark moet ontwikkel word. Die drankwet van 1928 werk die verbruik van ons eie land se wyn beslis teë. Die konsumente is in Suid-Afrika. Die wetgewing is egter alles behalwe gunstig vir 'n algemene gebruik van wyn.

Dit word dus aanbeveel dat die dopstelsel na die Noorde uitgebrei moet word. Volgens die maand-bulletin van Unie-statistiek was die maandelikse gemiddelde van nie-Europeane wat in 1931 in die goudmyne op die Rand werksaam was 208,088. Sommige wynboere argumenteer dat indien 200,000 van die nie-Europeane vir 300 dae in die jaar elk 1 pint wyn drink dan sal hul alleen 59,055 lêers verbruik. Daar sal dus nie sprake van 'n oorproduksie wees nie. Dit behoort ook so te wees dat alle werkgewers wat 50 en meer persone in diens het, geregtig kan wees om aan hul werkers wyn te gee.

Die wetgewing moet so verander word dat kaffers die reg sal hê om wyn te koop. In Suid-Afrika is die naturel uitgesluit van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

redelik en egalig oor die hele Unie kan gemaak word, sal die produsente sowel as die konsumente bevoordeel word.

Daar is reeds tevore daarop gewys dat die verbruik van wyn en brandewyn baie afgeneem het as gevolg van die nuwe drankwet. Dit word dus voorgestel dat die ure vir hotels in stede en dorpe verleng moet word. Die wyn produsente behoort by die Regering aan te dring vir 'n wysiging van die drankwet. Wyn mag nie voor 10 uur in die more en nie na 10 uur in die aand verkoop word nie. Daar is ook strèng beperkings wat betref die verkoop van wyn op vakansiedae. Die wetgewingmoet so wees dat persone na die vermaaklikheid van die aand drank te koop kan kry. Vir hierdie doel moet die hotels minstens geregtig wees om drank te kan verskaf tot saans 11.30. Reisigers moet ook altyd met drank gehelp kan word.

Dit sal egter nie veel baat as die pryse so hoog bly nie. Ongetwyfeld sal so 'n wysiging en bepaling 'n goeie uitwerking op die verbruik van wyn in Suid-Afrika hê.

Verder word aanbeveel die verkoop van ligte wyne in kafees, restourants en losieshuise gedurende maaltye. Hierteen behoort geen beswaar te wees nie. Dit is die algemene gebruik in baie Europese lande dat 'n kraffie wyn by die eetmale verskaf word. Waarom kan die gewoonte nie ook in Suid-Afrika ingevoer word nie? Op die manier sal die publiek langsamerhand 'n smaak vir ligte wyn ontwikkel. Dit kan geen nadelige uitwerking hê nie; want alleen blankes sal in kafees, restourants en losieshuise wyn kan koop. Wat meer is, die mense en die jong mense sal nie nodig hê om in 'n „bar" in te stap nie, en menige persoon sal uit die versoeking om te veel te drink gehou word.

As in aanmerking geneem word dat die brouerye die prys van bier beheer dan kan gevra word waarom die K.W.V. nie dieselfde regte oor sy produk sal hê nie. Die K.W.V. moet die reg hê om 'n prys vir die Suid-Afrikaanse produk vas te stel. Indien dus hierdie aanbevelings wat betref die produksie en die afset van wyn in aanmerking geneem word sal die bedryf op 'n gesonde en vaste basis geplaas kan word. Dit moet egter nie vergeet word nie dat ons in 'n tyd van dalende pryse lewe. Die hele ekonomiese stelsel sal by die toestand van lae pryse moet aangepas word. Die produsente sal dus nie kan verwag om weer sulke pryse soos die van 1920 te kry nie.

-----oOo-----

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wynverbruik. Dit behoort nie so te wees nie. Liggaamlik is hulle baie sterker as die Kaapse kleurling en met 'n bietjie ontwikkeling of beskawing moet aan hul meer vryheid gelaat word. Die ekonomiese ontwikkeling van die naturel moet inteendeel aangehelp word en nie teen gegaan word nie. Hul kan as verbruikers 'n kragtige steun vir die Suid-Afrikaanse nywerhede wees. As gevolg van die uitsluiting van die gebruik van wyn, drink hulle kafferbier en skokiaan, wat baie nadelig vir hulle is. Dit sal veel beter wees om hulle toe te laat tot 'n matige gebruik van drank. Om in hierdie behoefte te voorsien word aanbeveel dat die Staat wynwinkels moet oprig. Onder die huidige omstandighede vind tog 'n geweldige smokkelhandel plaas. Die poliesie is gedurig besig en het hulle hande vol; nogtans is daar geen beterskap te bespeur nie.

Die bogenoemde aanbevelings sal dan ook slegs matigheid van gebruik in plaas van dronkenskap beoog. Die statistiek bewys dat dronkenskap veel minder voor kom in lande waar wyn 'n algemene gebruik is. Hierdie wysiging sal dan daartoe bydra dat die smokkelhandel van skadelike drank, wat baie aan die Rand voor kom verminder sal word.

Die blanke bevolking moet ook geleer word om 'n smaak vir wyn aan te kweek. Tee wat eens 'n weelde-artiekel was, is nou 'n algemene gebruik by alle klasse. As wyn goedkoop genoeg verkoop kan word dan kan en sal dit gou 'n artiekel vir daelikse gebruik word.

Die bevolking van die Unie volgens die 1921 sensus was 6,928,580 bestaande uit 1,319,488 Europeane en 5,409,092 nie- Europeane. Die getal bo 20 jaar was 803,469 en 2,750,000 respektiewelik; tesame dus 3,553,469. Die totale manlike bevolking van die Unie volgens die sensusopgawe is ongeveer 1,776,724 persone.

Die wynproduksie van 1921 was 128,475 lêers of 130,530,600 pinte. Dus as al die wyn plaaslik en slegs deur die manlike bevolking bo 20 jaar verbruik moes word, sal elke-een se deel een-vyfde pint per dag gewees het.

Die produksie van 1931 was 145,115 lêers m.a.w. 147,436,840 pinte. As ons die totale bevolking vir dieselfde jaar op 8,414,391 skat, en aanneem dat die manlike bevolking bo 20 jaar 2,103,598 [1] is, dan werk elkeen se deel ook op ongeveer een-vyfde pint per dag uit. Die berekening bly dus dieselfde - die bevolking het wel toegeneem maar die produksie het ook vermeerder. Dronkenskap van so min wyn is onmoontlik en ondenkbaar. In geen land is die distribusie so ideaal nie, en ons wil vir g'n oomblik voorstel dat dit kan gedoen word of moet gedoen word. Ons wil slegs bewys dat die afsetmoontlikheid in Suid-Afrika is en dat daar nie sprake van oorproduksie behoort te wees nie indien die distribusie meer

1) Volgens die sensus van 1921 was die manlike bevolking bo 20 jaar ongeveer ¼ van die totale bevolking.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DIE OORPRODUKSIE VAN WYN
IN
SUID-AFRIKA

LITERATUUR.

A. BOEKE.

1. Black, J.D. - Agricultural Reform in the United States. 1929, First Edition.
2. Bock, A.W.O. - The Foreign Trade of South Africa Since 1807 : A Historical and Critical Analysis. (MS., Stellenbosch)
3. Boyle, J.E. - Marketing of Agricultural Products 1925, First Edition.
4. De Kock, M.H. - Economic History of South Africa. 1924.
5. Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika 1929-30 No.12.
6. International Yearbook of Agricultural Statistics. Rome, 1929-30.
7. Cape Statistical Register. - 1888-1907.

B. VERSLAE.

1. Memorandum of Association of the K.W.V.
2. Jaarlikse rapporte van die K.W.V. 1917-1931-
3. Balansstate en Finale Rekenings van die K.W.V. 1917-31.
4. Komitee-Raport oor produksie beperking 1932.
5. Liqour Commission Report 1931.
6. Rapport van Komitee aangestel deur sy Edele die Minister van Landbou om ondersoek in te stel na die Uitvoer-Wynhandel van die Unie van Suid-Afrika - Pretoria 1928.
7. Report of the Commission to inquire into matters of Co-operative Wineries. G.20 - 1911.
8. Report of the Commission on the economic conditions of the Wine districts. G.47 - 1909.
9. Report of the Select Committee on Government Advances on Brandy 1908.
10. Report on Viticulture. G.41 - 1885.
11. Report of the Select Committee on the Wine Trade G.23 - 1886.
12. Report of Public Meeting on the Cape Wine Trade. - 1831.
13. Kennisgewing No.51 - Kantoor van die Kommissaris van Doeana en Aksyns; Pretoria, 1932.
14. Jaarverslag van die handel en skeepvaart van die Unie van Suid-Afrika en die gebied SuidWes-Afrika. Pretoria, 1917-31.
15. Die Uitvoer van Suid-Afrikaanse Somer Vrugte - van Wyk, S.P.
16. Report of the Imperial Economic Committee, Twenty-Third Report Wine. London 1932.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C. TYDSKRIFTE.

1. The Economic Journal - Royal Economic Society London, 1930.32.
2. Jounal of Farm Economics - American Farm Economic Association, 1923-32 .
3. Die Landbou-Weekblad - Bloemfontein, 1928-32.
4. Boerdery in Suid-Afrika - Pretoria, 1928-32.
5. Wine and Spirit, A South African Review. 1931.32.
6. The Journal of the Economic Society of South Africa. No.9, 1932.
7. International Review of Agricultural, Rome - Monthly Crop report and Agricultural Statistics 1930 - 32.
8. Koerant verslae: „Die Burger", The Cape Times, 1928 - 1932.
9. Persoonlike onderhoude.

-----oOo-----